# STROOM~OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
DERDE TERMYN 1988

# Kadetinspeksieparade

— MIN MAGNUS MALAN

**Daar is besluit dat Affies vanjaar 'n prestigegeleentheid van die jaarlikse kadetinspeksieparade gaan maak en een van die oud-Affies by die geleentheid te betrek. Vroeg in die jaar is alreeds met voorbereidings en reëlings begin om die geleentheid se sukses te verseker.**

Affies was baie geëerd toe genl Magnus Malan bevestig dat hy die inspeksie en saluut sal waarneem en die kadette het toe in alle erns begin oefen en oefen. Affies se affiliasie-eenheid, die Staatspresidentseenheid, het ook 'n groot rol gespeel in die voorbereiding en afronding van die seuns se drilwerk.

Om verdere kleur aan die geleentheid te verleen is genl-majoor Klopper, Hoof van Staf Operasies (ook 'n oud-Affie) en Brigadier Möller (Bevelvoerder Kommandement Noord-Transvaal) asook kommandant Fourie (SOI Kadette) genooi om die inspeksieparade as gaste by te woon. Van die TOD se kant was daar verteenwoordiging deur mnr Kitto (Superintendent Kring) en mnr I Basson (Adjunksuperintendent Onderwys vir Kadette).

Genl Malan het nadat hy die inspeksie gedoen het, 'n saluut vanaf die podium beantwoord en 'n kort boodskap aan die kadette gerig.

Volgens hom word spangees, dissipline, selfopoffering, liefde vir die veld en natuur asook liefde vir die volk en land reeds in die kadette gekweek. Genl Malan het ook drie deugde uitgewys wat die jeug in staat stel om in moeilike omstandighede voort te beur. Die deugde is: toegewydheid, hardwerkendheid en Godsvertroue.

Daarna het die kadetorkes 'n kort vertoning gelewer en het die tradisionele stafoorhandiging plaasgevind. Pieter Celliers wat as 1989 se tamboermajoor aangewys is, het die staf van Koot van der Walt, die uittredende tamboermajoor, ontvang.

Na die verrigtinge afgehandel is, het die personeel en eregaste 'n koppie tee en ligte verversings in die personeelkamer genuttig. Die seuns verdien 'n woord van geluk en dank vir hulle aandeel in 'n uiters suksesvolle parade. Die hoë standaard bied beslis 'n uitdaging vir die volgende jare se kadette om te oortref.

Laastens verdien al die offisiere en onderoffisiere onder leiding van lt Voges ook 'n pluimpie vir hulle harde werk en toewyding wat tot die sukses van die parade bygedra het.

**— Lt JC Krüger**
**Kadetbevelvoerder**



*'n Groot dag vir die Afrikaanse Hoër Seunskool om minister Magnus Malan te kon ontvang.*

# Kerkafsluiting ontroer en bekoor



*Ek hoor die sang van kinders*
*net soos 'n eng'lekoor*
*En saam sing hul 'n loflied*
*wat selfs die heem'le hoor*


Dit is 'n vreemde gevoel, dié gevoel wat 'n mens kry wanneer jy besef dat jy aan die einde van 'n pad gekom het. Dit bekruip jou stilletjies, en net wanneer jy dink jy is bly om klaar te wees met skool, kom sit dit soos 'n naar kol op jou maag. Dit is asof al die swaarkry en minder lekker dinge nooit bestaan het nie. Al wat helder en sinvol in jou gedagtes opkom, is die mooi en wonderlike dinge wat jou jare in Affies opgelewer het.

Vanjaar se kerkafsluiting was sekerlik een van die heel kosbaarste herinneringe wat die Afrikaanse Hoër Meisieskool ooit aan 'n Affie kan gee. Dit is onmoontlik om deur middel van woorde die gevoel te beskryf wat 'n mens daartydens ervaar. Dit is soos 'n stukkie hemel. Dit is breekbaar soos brandgeskilderde vensters. Dit is 'n gevoel van eenheid, van saam wees, van deel wees van 'n groep. Maar die essensie van die Kerkafsluiting, die kern daarvan is liefde. Liefde is byna tasbaar teenwoordig in daardie uur en 'n half van blou-en-wit Affies in die geel sonlig.

Miskien is dit omdat juffrou Elmi Krüger dit met soveel liefde aanpak en met soveel liefde deurvoer. Geen Affie kan anders as om deur haar entoesiasme meegesleur te word nie.

Soos Dias gesê het: "So lyk 'n einde dan: Stil, byna soos 'n vrede". Dit is 'n einde, maar daarby 'n wonderlike begin — dié wonderlikste begin, want waar kry 'n mens beter toerusting om die lewe mee te betree as daardie intense bewustheid van God se tasbare teenwoordigheid op aarde?

En wanneer *Panis Angelicus* se note hoog en suiwer die hele koepel vul, twyfel 'n mens geensins daaraan dat selfs die hemel met ingehoue asem luister nie.



## TENNIS-AHS

**Die tennisspan:** *H Dannhauser, A Louw, J de Beer, P Opperman, mnr F van As (afrigter).*
*Wen: A-liga seuns (N-Tvl); A-liga gemeng (N-Tvl); Direkteurstrofee; S A Skolekampioen — Hyperama Toernooi; Techikon Toernooi — (J de Beer en M Combrink), J de Beer en A Louw — N-Tvl Skole Span en S A Skolespan.*

*"AFFIES te goed vir Lichies"*
*"Taai stryd wag op AFFIES se tennisspan."*
*"AFFIES klop Ermelo se sterk tennisspan."*
*"AFRIKAANS Hoër die beste in Transvaal."*

*Dit is maar enkele van die koerantopskrifte wat ons eerste tennisspan se segetog vir 1988 beskryf het.*

# AFFIES SE NUWE WAPEN



**In dié sprokieskasteel aan die voet van 'n koppie buite Pretoria, het daar op 26 Oktober 'n geskiedkundige gebeurtenis plaasgevind.**

In die teenwoordigheid van mnre TLP Kruger en P Edwards, die departementshoofde en van die matriekpersoneel asook regter Hiemstra, het mev Wolter Steijn, 'n groot skoolwapen, geskep deur haar fyn kunstalent, aan die skool oorhandig. Nadat mev Steijn almal bedank het en regter Hiemstra die wapen onthul het, het almal hulle vergaap aan dié kunswerk wat voortaan bokant die verhoog in die saal sal pryk. 'n Gesellige middag met sjampanje en kaviaar het die besondere geleentheid afgerond.

Vroeg die oggend van 27 Oktober is die wapen formeel deur mev Steijn aan die Afrikaanse Hoër Seunskool se leerling oorhandig. Na 'n kort agtergrondgeskiedenis het sy die wapen dan amptelik aan Villiers Terreblanche oorhandig.

Affies se dank teenoor mev Wolter Steijn, ouer van een van die matrikulante, Martin Wolter-Grossman vir al haar moeite en liefde, haar talente wat sy in die wapen vervolmaak het en ook aan die matrikulante van 1988 vir hulle bydrae tot die baie oorspronklike en treffende afskeidsgeskenk. Hierdie pragtige wapen gemaak uit embuia-, eike- en geelhout asook geelkoper, sal voortaan bo die verhoog in die saal pryk — 'n kunswerk wat luister verleen aan die Afrikaanse Hoër Seunskool se trotse tradisies.

**— Anton Beukes en Louis Herman**



## LIEZEL — PRETORIA SE JUNIOR BURGEMEESTERES

**Liezel Pieters is op haar verjaarsdag, 1 Julie, as junior burgemeesteres van Pretoria ingehuldig. Sy is die tweede meisie ooit wat hierdie amp beklee. Sy is sedert 1987 al lid vandie Junior Stadsraad. Haar tema vir hierdie jaar is "Take a chance, take charge, take control". Haar amp behels dat sy by vele skole moet besoek aflê en hulle moet toespreek. Haar primêre rol is om geld in te samel vir die Pretoriase Kinderkoor. Ook stel sy belang in rekenaars, speel toneel en sing in die koor.**

**L Loubser**

# Prefekte 1989

**Die week van 26-30 September was vir die St 9-leerlinge van AHS 'n naelbyt- en hoop-en-bidweek want die prefekteverkiesing was nie meer ver nie.**

Maandag is ingelyf met prefeknominasies, Dinsdag die bekendstelling daarvan, Woensdag die verkiesing self en Vrydag ... die aanwysing. Uit die 53 nominasies kon net 25 gekies word — en net 25 is! Daardie dag het die standerd nege-groep met gemengde gevoelens huis toe gegaan. Buiten die 25 prefekte is 11 koshuisprefekte ook aangewys waarvan 7 ook skoolprefekte is:

Sarel M Ackerman, Anton L Beukes, Lodewyk J Beukes, Eugene Botha (onderhoofseun), Pieter J Cillié, Heinrich Dannhauser, Samuel J de Beer, Gérard M du Plessis, John du Plessis, Matthys J Engelbrecht, Jacobus P Ferreira, Jacobus P Ferreira, Louis Herman, Roché J van Rensburg, Jan-Lodewyk Pretorius (hoofseun), Bernardus J Roode, Paul T Roos, Johannes F Rothman, Wessel O Steyn, Werner Stockhoff, Johan C Swarts, Thomas AW Symons, Christiaan van der Merwe, Johan J van der Walt, Hanno Vlok.

Die prefekte se eerste opdrag het ook saam met hulle in die huis geval — Lentedag. Van die begin af is getoon dat hierdie groep saam kan werk en hulle beste kan lewer.

Maar dit was nie net sonskyn en rose vir hierdie nuwe "leiers" of is dit nou "lyers" nie, want Donderdag, 26 Augustus, net voor die prefektekamp, is hulle 'n bietjie "georiënteer". Gou het hulle meer na "punks" as skoolprefekte gelyk. Party "beter" as ander!

'n Kamp van vele kontraste het vir hulle gewag. Eers 'n natreën-vassitreis soontoe, en toe weer 'n uitdroogwarmkryrit terug; 'n halfsewe LO-sessie en dan weer 'n ses uur stilsitsessie. Maar almal het dit geniet. Lesings is aangehoor van leierskap tot kommunikasie, om so die leiers van 1989 goed toe te rus vir hul belangrike taak.

Die kamp is op 'n hoogtepunt afgesluit toe boodskappe deur die hoofseuns en mnr Jan Pretorius, voorsitter van die oud-Affiebond en hoofseun van 1959, gelewer is.

Die redaksie sê baie geluk aan PJ Cillié wat as koshuishoofprefek gekies is en Hanno Vlok en Jac Ferreira as onderhoofkoshuisprefekte. Ook aan Roché Janse van Rensburg en Eugene Botha as onderhoofseuns en Jan-Lodewyk Pretorius as hoofseun vir 1989.



## Prefekkamp — 'n Heerlike ondervinding



*Vlnr: Marelise, Anneri, Esther, Cynthia, Tania en Soma.*

**"Eind goed, als goed" lui die spreekwoord. Dit was ook die geval met die kamp van die nuwe prefekte vir 1989.**

Hoewel die kamp Vrydagmiddag, 21 Oktober op 'n nat noot begin het as gevolg van die reën, was die terugkoms Sondagmiddag, 23 Oktober in volle glorie van heerlike sonskyn! Die meisies het te Emmerentia Geldenhuys-Sendingterrein hul onvergeetlike naweek deurgebring. Afgesien van 'n paar lesings, is daar geswem, gesels, spookstories vertel en geëet — van Tunaslaai tot Fettucini!

Die kookspanne is aangevoer deur die bekwame kokke — mej Visser en mev Van der Hoven. Die ander personeellede wat die kamp bygewoon het was mejj Venter, Smit, Owen en mev Nel. Die dames moes maar elke aand met hul oorpluisies slaap om nie te bewus te word van die prefekte wat tot laatnag gesprekke gevoer het nie. Gelukkig het hul pligsbesef en goeie Affiemaniere hulle gehelp om matigheid voor oë te hou en hul te hou by die reëls wat deur die dames neergelê is!

Sondagoggend is daar met 'n merkbare traagheid in bewegings en hartseer gesigte, opgepak om terug te gaan.

Elke Affie-prefek het hierdie naweek terdeë geniet en kan vorentoe kyk na 1989 met geesdrif vir die taak wat aan haar opgelê is!

— **Anneri Bezuidenhout**


## Prefekte 1989

**Skool**

Soma van Niekerk, Esther Botha, Tania Jerling, Anneri Bezuidenhout, Carlien Borchardt, Anele Botha, Cynthia Butler, Minette Combrink, Carolien de Bruyn, Antoinette du Preez, Marelise Jacobs, Izelle Kock, Sonja Kruyshaar, Jonette Liebenberg, Liana Loubser, Lethia Lourens, Marilise Mostert, Anneke Op't Hof, Liezel Pieters, Susaar Ribbens, Ulrike Schoeman, Suzette van Aswegen, Mariska van der Bank, Retha van der Walt, Riana van Vuren Stephanie van Vuren, Christine van Wyk.

**Koshuis**

Anneri Bezuidenhout, Marelise Jacobs, Cynthia Butler, Liezel de Lange, Ronél Erasmus, Marisa Goss, Ilse Hausleithner, Tania Jerling, Adri van den Heever, Thea van der Merwe, Louise van Niekerk, Riana van Vuuren, Stephanie van Vuuren, Jackie Zietsman.



# *Matrieks, maanskyn en malvaplante*

**Besef mans ooit hoe gelukkig hulle is? Ek dink nie so nie. Mans sal nooit die hartverskeurende frustrasie verstaan van 'n uur en 'n half lank in 'n haarkappersalon deurbring en te voel hoe iemand jou hele kopvel aan flarde ruk, net om op die ou end soos iets wat uit *The Rocky Horror Picture Show* ontsnap het, te lyk nie. Mans sal nooit verstaan hoe dit voel om jou droomrok oor jou kop te trek en agter te kom dat jy toe nou nie soos Paulina Poriskova in 'n Dior-uitrusting lyk nie, maar eerder soos *The Incredible Hulk* in 'n balletrok.**

Om nie te praat van die gevoel wanneer jy merk dat die "professionele grimeerkunstenaar" jou in iets wat net reg staan vir die hoofrol in *The Return of the Ugliest Woman on Earth* omskep het nie.

Ek dink die meeste matrieks het een of meer van bogenoemde folteringe deurgemaak voordat hulle uiteindelik tog as getransformeerde Aspoestertjies in hulle prinse, wat natuurlik niks van hulle pyn en lyding weet of begryp nie, se wagtende koetse kon klim en weggevoer word na 'n Romeins-Griekse paleis vir 'n fees der feeste.

Ek hoop en vertrou dat almal darem hulle metgeselle se name en vanne kon onthou by die voorstelsessie. ('n Bietjie raad aan volgende jaar se matrieks — as jy nog nie so vertroud is met die jongman se identiteit nie, werk dit uitstekend om dit subtiel op die agterkant van jou handsak te skrywe).

Nadat die dansvloer drie maal moedig deur Ellen en Villiers geopen is, het 'n paar ander paartjies versigtig begin meedoen. Wat die dansklasse met die matrieks uitgerig het, is brutaal binne sekondes vernietig by die aanblik van 'n hele bataljon onderwyseresse in die hoek van die saal wat elke satyngeskoeide voet met arendsoë staan en dophou het. Dit is geweldig moeilik om onder sulke omstandighede elegant oor die dansvloer te beweeg en om die een of ander rede blyk jou metgesel se voete ongeveer drie nommers groter as gewoonlik te wees.

Alhoewel die uitrustings dit onmoontlik gemaak het om uitgestrek in 'n horisontale posisie die kos te geniet, was dit tog 'n feesmaal in eg-Romeinse tradisie. Die kelnerinne was besonder sjarmant — 'n paar matrieks het selfs probleme ondervind om hulle metgeselle se aandag (en oë) op hulle rokke, en nie op die Romeinse Dames se lakens nie, gevestig te hou.

So tussen die mooi toesprake en vrolikheid deur het 'n mens tog met 'n bietjie hartseer besef dat alles nou (byna) verby is. Matriek het op 'n hoë noot begin en op 'n hoë noot geëindig. Hier moet beslis melding gemaak word van die orkes se bydrae in dié verband. Vir maksimum afronding kon elke matriek haar eie malvaplantjie huis toe neem.

Ek dink dat die matrieks van 1988 teen middernag op die 23ste September besluit het dat al die pyne en diëte — 'n mens moet lý vir skoonheid — tog die moeite werd was. Dit was 'n toweraand, met al die eksamen-monsters toegesluit in skooltasse (Caliban inkluis).

Miskien is dit 'n goeie plan om hulle net daar te los.



### "Geagte mnr die Voorsitter"

# Ek sien haar praat-praat wen!

Saterdag, 27 Augustus is die landswye finale rondte van die ATKV-Redenaarskompetisie by die Universiteit van Potchefstroom gehou. Hierdie jaarlikse instelling is verdeel in 'n Junior afdeling vir St 6 en 7 en 'n Senior afdeling vir St 8, 9 en 10.

Renske Jacobs het as oorwinnaar uit die Juniorstryd getree. Met haar wentoespraak oor "Ken jou vyand" het Renske die ander 281 finaliste op hul neuse laat kyk en die landswye toekenning verower. Te danke aan juffrouens Du Plessis en Van der Merwe se bekwame leiding en mev Van schalkwyk se entoesiastiese ondersteuning het sy die Pretoria uitdun en die Noord- en Oos-Transvaal uitdun lag-lag en praat-praat gewen.

Haar sterkste oorredingsvermoë en fyn redenasievernuf is vinnig besig om haar in haar vader, mnr Roelf Jacobs, se voetspore te laat volg.

In die toekoms sal ons seker nog baie van dié belowende jong sprekertjie hoor.

# Prestasies word bekroon



*Mev Van der Merwe en mev Saayman oorhandig aan Luan een van sy vele toekennings.*

**Dinsdagaand, 25 Oktober was weer die tyd vir die jaarlikse prysuitdeling. Dit is dan wanneer die skool se uitblinkers van die jaar, bekroon word vir hul goue diens aan Affies.**

Met mnr Dirk Taljard as organiseerder, kon die funksie nie anders as om seepglad te verloop nie. Vanaf die opening, wat deur ds WJ Pretorius gelei is, tot aan die slotreël van die stem, het alles volgens plan verloop. Na die opening het mnr Kruger 'n vinnige kykie in sy revue oor die jaar se gebeure gegee. Dit het dan ook weer geblyk dat die Afrikaanse Hoër Seunskool 'n skool met goed gebalanseerde seuns is.

Op die sportgebied was daar nege seuns wat provinsiale kleure verwerf het en drie het Junior Springbokkleure verwerf. Die drie is Freek Raubenheimer (korfbal), Johan Ribbens (fietsry) en Pieter le Roux (onderwaterhokkie). Stefan Venter en Phil Mostert is aangewys as die sportmanne van die jaar.

Op kulturele gebied het kultuurkoning Luan Kloppers met baie erkennings gespog. Koot van der Walt is gekroon as Ideale Affie — 'n voorbeeld van 'n ware Affie verower die trofee. Fanie Naude, wat die Poortprys vir prosa gewen het, het ook talle akademiese toekennings verwerf. Villiers Terblanche, Luan Kloppers, Jan-Albert van den Berg, Johann Preller, Fanie Naude, Koot van der Walt, Riaan de Bruyn en Johan van Niekerk, het met die hoogste skooltoekenning, naamlik volle skoolerekleure, weggestap.

'n Besondere prestasie, 24 brons-, 14 silwer-, 9 goue-, 2 tweede goue en 1 derde goue medalje is aan leerlinge oorhandig. Weer eens het Luan Kloppers met die hoogste, die derde goud, weggestap.

Die prefekte en koshuisprefekte vir 1989 is amptelik aangekondig en aangestel, waarna Villiers sy swanesang en die nuwe hoofseun, Jan-Lodewyk Pretorius, sy intreerede gelewer het. Dié aand was dan ook 'n besondere aand vir Jan-Lodewyk Pretorius wat sy hoofseunskleurbaadjie van sy pa, mnr Jan Pretorius, die AHS se hoofseun van 1959, ontvang het.

— **Jacobus Claasen**

**Dinsdagaand, 18 Oktober, was weer een van die groot aande in AHMP se jaar. Dit is die aand waarop uitsonderlike prestasies (en daar is baie) van die meisies bekroon word.**

Baie ouers en grootouers het die geleentheid bygewoon. Soos gewoonlik was die afwisseling gebied deur die koor en die strykorkes, van puik gehalte.

Dit is met verwondering wat 'n mens luister na die wonderlike prestasies. Om almal te noem sal onmoontlik wees. Hier volg net 'n paar: Rachel en Susan Kruger, 'n identiese st. 8-tweeling, het sommer ook identiese punte vir Afrikaans behaal. Hulle staan gesamentlik eerste met 87%. Hedwig Venter, st 7, is duidelik aangelê in die taalrigting met 96% vir Noord-Sotho en 'n volle 99% vir Duits. (Dit wil gedoen wees!). Die st 6-Latynklas het 'n verrassing opgelewer: Anina Boshoff, Derika Meyer en Marli van Loggerenberg staan al drie eerste met 88%

Die junior Dux-leerling vir 1988 is Denise Janse van Rensburg met 90%. Van die senior Dux-leerling behoort spesiale melding van gemaak te word. Maria Botha, een van die vise-hoofprefekte vir 1988, het 'n gemiddeld van 92% behaal. Vir elkeen van haar sewe vakke het sy die prys ingepalm. Haar prestasies eindig egter nie hier nie: Maria het hierdie jaar as algehele wenner van die Afrikaanse Olimpiade uit die stryd getree, nadat sy in st 8 elfde was en in st 9 die wenner van Transvaal en tweede in die land was. Verder is van Maria se gedigte in *Poort* gepubliseer en het sy vir die tweede jaar Hoofstadkultuur se poësiekompetisie gewen. Maria het ook 'n beurs vir klaviertegniek ontvang, sing in die koor en begelei die koor briljant.

Ds Mulder, wat die aand se verrigtinge geopen het, laat 'n boodskap agter wat as motivering of as troos kan dien: niemand verwag dat jy meer sal gee as wat jy kan nie, mits jy dié talente wat jy het, ten volle ontgin.

*Stroom-op* wens alle presteerders en alle *eternal seconds* geluk met hulle prestasies.



*Maria Botha, Dux-leerling, ontvang nog een van haar boekpryse.*



# Koor beleef besige jaar

**A H M P se koor het die tweede termyn op 'n moeë, maar beslis 'n hoë noot geëindig. In die middel van die Junie-eksamen het die sestig koorlede, vergesel van hul dirigent, mev Kruger en hul getroue ondersteuner mej Visser na Pietermaritzburg vertrek. Hier het hulle op 28 Junie deelgeneem aan die Applouskompetisie en as nasionale wenners van die afdeling vir enkelgeslagkore uit die stryd getree. Slegs 'n paar dae later, op 2 Julie, slaag hulle daarin om die Direkteurstrofee in Johannesburg in te palm.**

Na die tweede termyn kon hierdie wenkoor beslis nie ontspan nie. Die optredes wat voorgelê het, het beteken dat die oefeninge op Dinsdae en Donderdae belangrik gebly het. Op 5 Augustus neem die koor deel aan 'n genotvolle koorfees by Wonderboom Hoërskool, gevolg deur 'n optrede by Petoria Boys High School op 17 Augustus wat deur die verhoudings komitee van Pretoria, gereël is. Hierna het die koor saam met die Pretoria se kinderkoor en die Ad Libitumkoor op 4 September in die St Albans Katedraal opgetree en die goeie akoestiek was vir die koorlede 'n wonderlike ervaring.

Die koor se optrede by die Pretoria Boys High School se saalbyeenkoms het op 23 September plaasgevind. Die koor se spontane meelewing van "Thank Heaven for little Girls," maar veral hul eie tweede vers, "Thank Heaven for Boys High boys",. was werklik 'n treffer! Hierna het die koor op 25 September opgetree in die NG Kerk Hartebeesspruit. Die aand van koorsang en musiek wat deur die vier hoërskole op 28 September aangebied is, was 'n reuse sukses.

Die laaste kooroptrede was op 23 Oktober in die Pretoria-Oos Hervormde Kerk en die ander koorlede was dankbaar teenoor die twee-en-twintig matrieks wat tot die laaste getrou was. So het die A H M P-koor 'n suksesvolle, maar besige jaar afgesluit.

**Nicola Joubert**

# Ellen doen dit weer

**Of die lewe jou maal of poleer, hang af van die materiaal waarvan jy gemaak is. Ellen Nicol, in haar skitterblinke glorie as hoofdogter van ons veelgeroemde hoërskool, gly blinkgepoets deur die lewe. As vurige keppie-entoesias en bekroonde redenaar het die blondekop vele uiteenlopende fasette.**

Onverwags het Ellen se blink bestaan ekstra glans bygekry. As beste taalgebruiker in die Junior Rapportryers-Debatskompetisie 1987 het sy 'n goue medalje ontvang. Sy en haar spanmaat, Helena Barnard het tot die semi-finale rondte in Julie 1987 deurgedring. Hierin het hul die onderwyser-kind-tema ontleed en gesamentlik besluit dat die onderwysstelsel voldoen wel aan alle tegnologiese behoeftes in ons moderne samelewing. Onder leiding van mev Van Schalkwyk, mev Van der Merwe en juf Van Wyk het hul in 'n vroeëre debat die Blanke tienderjarige as polities kundig bestempel.

Ellen het van die beste taalgebruiker-titel kennis gedra maar geensins van enige medalje nie, dus was dit soveel te meer 'n groot, onverwagse verrassing.

— **Anna-Lynne Marais**

# EXPO '88

**Die jaarlikse GEC-Expo vir Jong Wetenskaplikes het weer eens 'n gulde geleentheid gebied vir die entoesiastiese Albert Einsteins en Isaac Newtons in die Affie-geledere. Die Noord-Transvaalstreeksuitdun is op Saterdag 27 Augustus in die RGN-gebou in Pretoria gehou.**

Met nie minder as honderd-en-twintig inskrywings nie, was dit glad nie verbasend toe Meisieshoër skoonskip gemaak het tydens die prestasiebekroning nie. Die eerste landswye finaal is op 15 Oktober by die Technikon van die Witwatersrand gehou. Die nege-en-dertig kategorieë wat onder andere ingenieurswese; weerkunde; sterrekunde; genetika en parasitologie ingesluit het, het gesorg vir 'n groot verskeidenheid van oorspronklike en indrukwekkende uitstallings wat baie inisiatief en navorsing van die deelnemers geverg het. Tussen die swerm jong wetenskaplikes was daar geen plek vir analfabete nie! Die talent van leerlinge regoor Suid-Afrika het gesorg vir strawwe mededinging en 'n buitengewone hoë standaard. Dit is dan ook die rede waarom ons baie trots is op die elf Affies wat as medalje wenners uit die stryd getree het. Ons wens die volgende leerlinge geluk met hul puik prestasie: Rachel en Susan Kruger (st 8) en Anneke Op't Hof wat elke 'n bronsmedalje verwerf het. Yvette Venter (st 6) en Retha van der Walt wat albei 'n silwermedalje verower het. Die gouemedaljewenners was Dorette Visser (st 6); Denise Janse van Rensburg en Louise Taute (st 7) en Marilize Mostert en Jackie Jeffery (st 9).

Van die wiel tot die ruimtetuig het die wetenskap en die mens 'n ver pad gekom en aangesien ons toekomstige tegnologiese vooruitgang in die hande van hierdie belowende jong wetenskaplikes lê, sal ons nog 'n ver pad gaan!

— **Benda Hofmeyr (st 8)**



*Ilana van den Berg en Liese Stumpf by hul projek.*

# Redaksie 1989

**Redakteur**
Louis Herman

**Sub-redakteur**
Anton Beukes

**Kultuur**
James Cross
Gerald Garner
Jacobus Claasen
Anton van Reenen

**Sport**
Chris Steyn
André Brand
Herman Stander

**Algemeen**
Ulrich Kotzenberg
Johan O'Kelly
Francois Naudé
Phillip Blom
Donald Klopper

**Humor**
Louis Koen

**Foto's**
Louis Beukes
Henry Miles
Gustav van Rensburg

**Redaktrise**
Anneri Bezuidenhout

**St 9**
Lianna Laubscher
Nicola Joubert
Karen Visagie

**St 8**
Rachel Kruger
Benda Hoffmeyr
Kato Odendaal
Mindie Rischmüller
Frances Burger
Phillippa Barnard
Anna-Lynne Marais

**Foto's**
Liezel Pieters
Susan Kruger

**Medewerkers**
Esther Botha
Janine Brown

**Spotprente**
Dorette Boshoff

# Oud-Affie van die termyn

**Deur N Joubert**

**Dr Ingrid Dannheimer is die enigste vrou in Suid-Afrika wat as kardioloog praktiseer. Dié oud-Affie is ook getroud en 'n moeder van drie.**

In 1956 word Ingrid Dannheimer 'n standerd sessie by A H M P nadat sy haar laerskoolloopbaan aan die Deutsche Schule voltooi het. Dr Dannheimer het haar hoërskooljare geniet en was voorwaar 'n uitblinker. Sy was 'n biblioteekprefek, 'n skoolprefek en atletiekkapteine. Juffrou Steyn se streng, maar regverdige houding as skoolhoof en juffrou Holtzhausen se Latynklasse sal nooit deur Dr Dannheimer vergeet word nie. Sy is onderrig in matesis deur 'n "jong, maar streng Juffrou De Lange" wat vandag deur die standerd agts as "ons ervare, maar streng, wiskunde-onnie, mev Dorey" beskryf word.

Sy het in 1960 gematrikuleer en hierna het sy medies aan die Universiteit van Pretoria studeer. Nadat sy haar Mb. Chb graad behaal het, het sy haar M.Med graad voltooi en kon sy as internis spesialiseer. Intussen is sy met die hart-chirurg, dr Coert Venter getroud en hulle het nou drie kinders. Die oudste, die veertienjarige Hedwig, is 'n standerd sewe-leerling by A H M P en die elfjarige tweeling is tans by die Deutsche Schule.

Dr Dannheimer het verder begin spesialiseer as kardioloog (hartspesialis) en het in 1978 sewe maande in Houston, Texas deurgebring. Hier het sy ondervinding opgedoen oor veral koronêre angiografie en pediatriese kardiologie. Tans spits sy haar veral toe op kardiologie en is sy verbonde aan die Eugene Marais Hospitaal, net soos haar man. Sy het ook haar praktyk. Dr Dannheimer se eerste hospitaalrondte begin om 05h30 en sy kan eers teen 19h00 begin dink aan huis toe gaan. As 'n mens haar werksure in ag neem, asook die feit at sy enige tyd vir 'n noodgeval beskikbaar moet wees, begin jy wonder waar sy die tyd vind om haar werk en huisgesin so suksesvol te kombineer. Vir dr Dannheimer lê die geheim in twee woorde opgesluit naamlik "goeie organisasie".

Dr Dannheimer se stokperdie, die teel van Arabierperde, is een waaraan die hele gesin deelneem. Ongeveer vyf en dertig van hul perde is vanaf Amerika ingevoer en enkeles is Suid-Afrikaanse kampioene. Sy was self as kind 'n goeie ruiter, maar deesdae volg haar dogter, Hedwig, in haar spore en kan sy as een van die beste junior ruiters van Arabierperde in Suid-Afrika beskou word.

Dr Dannheimer is bly dat haar dogter ook nou 'n Affie is. Hedwig geniet dit baie en kan haarself uitleef, veral op akademiese en sportgebied. In 'n boodskap aan die dogters wat tans op A H M P is, sê dr Dannheimer die volgende "Die dogters moet besef dat dit 'n voorreg is om aan sò 'n skool verbonde te wees. Hulle moet dit geniet en hulle beste gee, want 'n mens kry net een kans. As hulle dit doen, kan hulle net goed vaar op universiteit". Volgens dr Dannheimer was die verhoudinge tussen Meisieshoër en Seunshoër in haar dae heelwat swakker as wat dit vandag is en het hulle nie saam Interhoër gehou.

Hierdie suksesvolle kardioloog, moeder en vrou is beslis 'n oud-Affie by uitstek! Behalwe dat sy Arabierperde teel, het dr Dannheimer iets bereik waarvoor baie vrouens nie eens kan sien nie: Sy het alreeds twee keer Kilimanjaro tot heel bo uitgeklim!



## Briewe . . . Briewe . .

*Liewe Affie,*
*Sondag, 6 September 1981 en ook elke na-Saterdag-rugby-Sondag*

*Hoe kan ek jou vertel, Affie, van Saterdag se Affiemoed en vegtersgees, as jy dit nie saam beleef en meegeleef het nie?*

*Hoe sal jy my glo, Affie, as ek jou vertel dat ek reeds vrede met 'n neerlaag gemaak het (2 min in beseringstyd!) maar die Affie-durf onderskat het. Nog 'n drie en 13-13!*

*Ek moet jou vertel, Affie, van 150 Affie-manne se aanmoediging op die pawiljoen wat ons 15 manne gedra het in die hitte van die stryd. Hoe ons Affies nog 'n doel behaal het (dis nou in die ekstra tyd!) en 19-13 gewen het.*

*Ek moet jou ook vertel, Affie hoe jong manne ons 15 helde bestorm het en skouerhoog van die veld afgedra het. Ek moet vertel hoe ou manne met trane in hul oë en met 'n knop in die keel dit staan en aanskou het. Ek moet vertel hoe trots my Affiehart geklop het!*

*Ek wil jou vertel, Affie, van die warm, trots gevoel in my binneste as ek dit weer herleef ... Daardie ware Affie wees. Waar kry jy nog so 'n vasberade deursettingsvermoë, so 'n 'kannie gaan lê nie' as juis by Affies nie.*

*Ek wens, Affie, jy was ook daar!*

*Geluk aan ons 15 rugbyhelde! Ons was nog altyd so trots op julle!*

**— Mev Erina van der Merwe**

**Briewe . . . Briewe . .**


## Mnr W J van Staden

Mnr W J van Staden is vanaf 1 Januarie 1989 as Assistent-hoof: Kommunikasiediens by die TOD-hoofkantoor aangestel.

Sy verbintenis met die Afrikaanse Hoër Seunskool begin in 1974 toe hy as senior assistent, verantwoordelik vir die onderrig van Engels, aangestel is. In 1978 word hy hoof van die Departement Amptelike Tale en in April 1987 word hy as adjunkhoof aangestel. Die skool het vroeër vanjaar 'n silwer medalje vir voortreflike diens aan hom toegeken.

Mnr Van Staden was vanaf 1974 tot 1980 opleidingsoffisier van die kadeteenheid en ook verantwoordelik vir skyfskiet. Hy het 'n leidende rol gespeel as bestuurslid van die plaaslike TO-tak en ook as skoolverteenwoordiger.

Sy bekwaamheid as vakman blyk uit die feit dat hy lid was van die vakkomitee vir Engels Tweede taal, die Sillabuskomitee, en die Mediakomitee. Hy was betrokke by die keuring van voorgeskrewe werke en manuskripte. Vanaf 1974 tot 1987 het hy as hoofnasiener (Letterkunde) opgetree en is vanjaar sameroeper van die eksamenpaneel vir Taal en Kreatiewe Skryfwerk.



Willie van Staden sal nie net onthou word as onderwyser wat op unieke wyse sy vak met groot vrug kon oordra nie, maar ook as 'n belese man met 'n fyn sin vir humor en 'n beskaafde wyse van omgang met kollegas en leerlinge.

Die skool bedank mnr Van Staden vir sy onbaatsugtige dienslewering en spreek die hoop uit dat dit met hom goed sal gaan in sy nuwe werksmilieu.

# Oud-Affie van die termyn

## Dr G P C de Kock

**President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank aan die leerlinge van die Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria, op 26 Oktober 1988**



**U kan met reg trots wees op die Afrikaanse Hoër Seunskool, waar u uitstekend toegerus word vir u lewenstaak. Hierdie skool het reeds oor die jare heen uitmuntende leiers op vele terreine van die Suid-Afrikaanse samelewing opgelewer. Ek wil egter benadruk dat dit u plig is om die kennis wat u nou bekom aan te wend om die uitdagings wat vir Suid-Afrika voor die deur lê, die hoof te bied. Sodoende sal u 'n aktiewe rol in die beïnvloeding van ons land se toekoms speel.**

Daar bestaan geen maklike oplossings vir Suid-Afrika se probleme nie, maar met die nodige ywer en goedgesindheid van alle Suid-Afrikaners glo ek dat vreedsame en evolusionêre hervorming bereikbaar is. Daarom is dit belangrik dat elke Suid-Afrikaner 'n toekomsvisie moet hê, die realiteite van die toestand en sy of haar plig teenoor die nageslag aanvaar, aktief meedoen aan die formulering van strategieë ter bereiking van toekomsdoelwitte, vertroue in die Almagtige plaas en met geloof en entoesiasme deelneem aan die uitbouing van die toekoms van ons mooi land.

### TOEKENNINGS

Talle toekennings is aan dr De Kock gemaak:

**1966:** Aangewys as een van die "Vier Uitstaande Jong Manne van die Jaar" deur die Junior Kamer van Koophandel van Suid-Afrika.

**1979:** Aangewys as "Sake-staatsman van die Jaar" deur die Harvard Business School Club of South Africa en die Tinie Louw-toekenning van die Afrikaanse Handelsinstituut vir besondere prestasie gelewer op sake-gebied, word aan dr De Kock toegeken. Hy word ook deur Sunday Times aangewys as een van die "Vyf Beste Sakemanne van die Jaar".

**1983:** Die Stalsprys vir Ekonomie toegeken deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns val hom ook te beurt.

**1986:** Die toekenning vir die Beste Voorsittersrede van die Beleggingsontledersvereniging van Suidelike Afrika word aan dr De Kock gemaak. Dan volg ook nog in **1987** die SAUK Diagonalstraat se Televisie Kommunikeerder van die Jaar-toekenning en die Orde vir Voortreflike Diens Klas I: Goud.

Tussen **1982 en 1988:** Ontvang die dinamiese man Ere-Doktorsgrade van vier Suid-Afrikaanse Universiteite.

In **1988** word die toekenning van Euromoney as Sentrale Bankier van die Jaar (gesamentlike toekenning met die President van die Sentrale Bank van Kuweit) aan dr Gerhard de Kock toegeken.

**Die Afrikaanse Hoër Seunskool is trots op die oud-Affie, dr Gerhard de Kock, president van die Reserwebank. Hy is in 1926 in Kaapstad gebore en matrikuleer 1942 aan die Afrikaanse Hoër Seunskool.**

So lyk dié presteerder se curriculum vitae:

**1950:** Behaal Ph. D. aan die Harvard Universiteit;

**1951:** Senior Lektor in Ekonomie aan die Universiteit van Pretoria;

**1962 tot 1964:** Professor in Geld en Bankwese en Hoof van die Departement Geld- en Bankwese, Universiteit van Pretoria.

**1963:** Hoof van Ekonomiese Departement, Reserwebank;

**1968:** Alternatiewe Uitvoerende Direkteur van die Internasionale Monetêre Fonds in Washington as verteenwoordiger van Suid-Afrika, Australië, Nieu-Seeland, Lesotho en Swaziland.

**1971:** Aangestel as Vise-president van die Reserwebank;

**1977:** Gesekondeer na die Departement van Finansies as Spesiale Ekonomiese Raadgewer van die Minister van Finansies en aangestel as lid van die Eerste Minister se Ekonomiese Adviesraad. Dr De Kock word dan aangestel as Voorsitter van die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika.

**1980 en 1981:** President van die Ekonomiese Vereniging van Suid-Afrika.

**1981:** Aangestel as President van die Reserwebank;


**1984:** Ere-lidmaatskap van die Instituut van Bankiers in Suid-Afrika, hy word dan ook benoem as lid van die Raad van die Universiteit van Pretoria en verkies as President van die Instituut van Bankiers in Suid-Afrika.

Dr De Kock dien ook as Goewerneur vir Suid-Afrika op die Raad van Goewerneurs van die Internasionale Bank vir Heropbou en Ontwikkeling (die Wêreldbank) en as een van die Suid-Afrikaanse Goewerneurs van die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika.

## Affies se "nuwe" swembad

**Affie-meisies het hierdie somer iets gehad om na uit te sien. Anders as verlede jaar kon hulle amper nie wag vir die hitte van die somer nie. Die rede? Daar was hierdie jaar 'n kuur vir die hitte. Hulle "nuwe" swembad was weer swembaar. In LO hoef hulle nie meer om die baan te hardloop om sodoende 'n koel luggie te veroorsaak nie, hulle kan nou swem!**

**Verby is die dae wat 'n mens oor die straat moes loop vir afkoeling, óf 'n mens se dieet 'n halfuur vergeet vir 'n roomys!**



*Mej Venter en Boerneef open die swembad amptelik.*

**Die swembad is verlede jaar "ingestuur vir diens" Nuwe teëls is gelê, die swembad is nuutgeverf (soos die res van die skool) en die herstelwerk is gedoen sodat die meisies die jaar kan spog met 'n *eie* "nuwe" swembad!**

**Susan Kruger**

## Kunswedstryd

**Sang, musiek, voordrag en drama. Op elkeen van hierdie gebiede het 'n hele paar Affies hierdie termyn deelgeneem en gekompeteer om so die kunste te bevorder.**

Die Afrikaanse Kunsvereniging stel hom ten doel om deur middel van kunswedstryde in verskeie afdelings jong kunstenaars of aspirant-kunstenaars die geleentheid tot openbare optrede te bied. Sowat 3 500 inskrywings is hierdie jaar deur die Vereniging ontvang. Affies wat deelgeneem het, het hulle beste gelewer. Daarvan getuig hul samewerking en die goeie resultate. Diplomas, Vergulde Sertifikate en Medaljes is in elke afdeling verower. Die standaard was hierdie jaar besonder hoog en die kompetisie streng, maar met motivering deur die afrigters en onderwysers, kan die paal gehaal word.

Die onderwysprogram van enige beskaafde land durf nie die belangrike kunsvorme soos musiek, woordkuns en beeldende kunste te verwaarloos nie, het mnr Willem van Tonder, voorsitter van die Afrikaanse Kunsvereniging gesê.

# Huishoudkunde hét styl!

***Klee met styl*** **was die tema van Maandagmiddag 17 Oktober se interessante en leersame praatjie oor kleuranalise. Die spoggeleentheid is deur ons eie bekwame Huishoudkunde-personeel, mevv Bauer, Rautenbach en Bezuidenhout gereël.**

Mev Antoinette Ferreira, 'n baanbreker op die gebied van kleuranalise, was die spreekster. Met grasie is belangrike detail duidelik uiteengesit, terwyl die strykensemble onder leiding van juffrou Bezuidenhout rustige agtergrondmusiek verskaf het.

Die bobaasbaksters van st 8 het gesorg vir heerlike versnaperings! Daar is gesmul aan aarbei- en sjokoladehappies terwyl almal se dors geles is met vars vrugtesap.

Afgesien van die verskillende kledingstukke, kleure, grimering en serptegnieke was daar ook 'n paar gelukkige wenners, waar kaartjies getrek is en groot pryse aan hulle oorhandig is. Na afloop van die geleentheid kan almal terugkyk na 'n puik middag!

**— Michélle Roos, 8F**


## Nandi Visser — 'n Wenner

**Nandi Visser was die wenner van die Droë vrugteraad kookkompetisie en so het sy vir haarself en die skool groot presente losgeslaan.**


Die kookkompetisie het plaasgevind by die Universiteit van Stellenbosch vanaf 13 tot 20 Julie. Die kompetisie het uit 3 komponente bestaan naamlik die skriftelike komponent, spyskaartbeplanning en dan die kookkompetisie self.

Die opdrag van die kompetisie was om 'n tiener partytjie vir die winter te beplan, waar droëvrugte in die voorgereg, hoofgerg en nagereg gebruik moes word.

Nandi se tema was Switserland en met haar "Frucht punsch en Rüebli" het sy haar eerste plek verseker.



# Jakaranda Karnaval 1988



*When you're smiling, when you're smiling, the whole world smiles with you...* **So begin nog een van agt vertonings vir vyftien Affie-meisies! Vir weke het ons saam met mev Kruger geoefen om uiteindelik saam met die beroemde Alvon Collison te kan optree. Elke aand kon ons aan duisende Pretorianers die kans bied om herinneringe op te roep met liedjies soos:** *The Sound of Music; Do, Re, Mi; I Could Have Danced All Night; Get Me To The Church on Time; What a Beautiful Morning; Oklahoma; Sunrise Sunset;* en nog vele meer.

Party van ons het saam met Sue Kelly-Christie van ons frustrasies ontslae geraak met *I'm gonna wash that man right out of my hair...* Maar die adrenalien het regtig begin pomp met *One More Angel in Heaven* en *Any Dream will do* wat ons saam met die aantreklike *Joseph*, Ian von Memerty, aangebied het. Die vermaak het in oud en jonk se smaak geval soos byvoorbeeld Pretoria se eie Michael Jackson met sy verwerking van *Beat It;* Madonna met *Like a Virgin; Wake me up before you go-go* ensovoorts. Die hoogtepunt was seker Alida Marais se aanbieding van *Flashdance* met Lydia Venter, 'n Springbokgimnas, wat gedans het!

*Hello Dolly* is gevolg deur 'n uiters uitputtende *Sing Along Section* saam met Sue Kelly-Christie, Aubrey Ellis en Ian von Memerty.

Maar alle goeie dinge moet tog tot 'n einde kom, en so verskyn: Die Koor (Affie-meisies); Die Jakarande Dansers; Alvon Collison; Sue Kelly-Christie; Aubrey Ellis; Ian von Memerty; Yeldin Mobilin; Chantellé Cilliers en Tom Ferris met *There's No Business Like Showbusiness* en groet ons tot volgende jaar Oktober!

**Dorette Boshoff, 7E**

# Verkennerkamp

**Die naweek van die 8ste tot die 10de Oktober was voorwaar 'n groot lekkerte vir die klompie Verkenners van die Dirkie-Uys Voortrekkerkommando. Op die plaas De Vos in die pragtige Laevelddistrik het daar elke dag hope pret plaasgevind en is elke aand afgesluit met Voortrekkerliedjie om die kampvuur.**

Vrydag was almal vroegdag al op pad en het reeds so teen tienuur gearriveer en afgepak. Na 'n baie leersame dag, waar almal deeglik ingelig is oor die kursusse wat hulle sou volg, is daar 'n aand vol Voortrekkerspeletjies beleef, wat seer sekerlik vir almal 'n groot genot was. Die uitgeputte Voortrekkers het sommer al met ligte-uit stil geword, behalwe natuurlik vir diegene wat die wonderlike voorreg gehad het om wag te staan en vir die standerd neges wat reg deur die kamp hard moes werk om dit 'n groot sukses te maak.

Saterdagmôre is almal vroeg uit die vere — gereed vir nog 'n dag! Dié middag was daar groot pret en manewales...en 'n groot gemors! 'n Hindernisbaan, gevul met modder, beesmis en baie skerp klippe, het op almal gewag en só onherkenbaar was almal na die modderdoop dat selfs hul ma's sou geskrik het! Nóg nie totaal herstel van die skok nie, is daar dié aand nagmars gehou. Ingesluit in die nagtelike eskapades was 'n "vlotbou", waar een persoon droog oor 'n rivier(tjie) moes kom en 'n "foefieslide" om jou in die donker gerieflik verby 'n rits bome tot op die grond te vervoer!

Sondag is gelukkig baie rustiger deurgebring. Die oggend het egter ook sy kwota pret gelewer met 'n katastrofiese parade! Die middag is daar boeresport gehou en die aand is afgesluit deur 'n baie interessante en humoristiese kampvuurkonsert.

Ons laaste dag het aangebreek en dis met weemoed dat die Voortrekkers pak en gereed maak vir die pad huis toe. Al wat toe nog moes plaasvind, was die Prysuitdeling en groot was die verrassing toe 'n meisiespan vir die eerste maal in tien jaar, met die louere weggestap het. Hulle was die standerd 8-span — Die Steenbokkies. Omstreeks drie-uur Maandagmiddag het die bus voor die Laerskool Anton van Wouw stilgehou, waar 'n paar verlangende moeders hul kinders ingewag het.

**— Frances Burger**

## *Affies raak poëties*

**Affies het vanjaar (soos verlede jaar) byna skoonskip gemaak by die tweede jaarlikse poësiekompetisie.**

Donderdagaand, 11 Augustus is die finale prysuitdeling in die skoolsaal van AHMP gehou. Die seremoniemeester by die funksies was Kobus Rudolph, 'n aanbieder van Radio Suid-Afrika. Eerstens is die pryse in die laerskoolafdelings oorhandig en daarna het die hoërskoolafdelings aan die beurt gekom. In die afdeling st 6-8 het Annie Malan (st 6) met haar gedig *Vol Drome* het tweede plek behaal. Phillippa Barnard (st 8) het met haar gedig *Komponis* derde geëindig.

In die afdeling st 9 en 10 het Maria Botha (st 10) 'n eerste plek met *Blonde Dag* behaal. Helena Nell het die vierde plek met *20 Julie (motorongeluk)* gekry.

Die bundel *Spore,* 'n samevatting van die finaliste se gedigte, is ook vrygestel.

# ST 9 BIVAK

**Op Vrydag, 21 Oktober 1988, vertrek 75 standerd neges na die bivak by die Spyseniersskool buite Pretoria. Gewapen met houtgewere van alle kleure en geure en ekstra kos, genoeg om 'n weermag te voed, het hulle die naweek tegemoet gegaan. Niemand het geweet wat om te verwag nie en spekulasies is in die bus rondgeslinger.**

Volgens die onderwysers was die doel om aan militêre roetine gewoond te raak. Dit was reeds duidelik met die aankoms toe hulle kamp toe moes stap; omtrent 'n kilometer en toe met swaarmaguitrusting toegerus is. Skielik was die onderwysers offisiere en "meneer" het luitenant" geword.

Die bivak het hoofsaaklik uit lesings oor militêre werkswyses, liggaamsoefeninge, roetemarse, skynaanvalle en wagstaan bestaan. Die gevegsprosedure is deur almal geniet en dit was verbasend hoe moeilik dit is.

Die wagstaan was net so lekker maar is deur 'n hele paar energieke Affies in chaos omskep. Elke seksie is met 'n radio toegerus. Dié speelding was vir Eugene Botha en sy makkers net te interessant en dinge soos "Good morning, Viëtnam" en "Mopanielaan 6" is oor die "lug" uitgebasuin.

Die slaap was minder suksesvol. Vrydagaand het dit gesous en almal het gespook om droog te bly. Weinig het daarin geslaag. Die wat geslaag het, is met 'n bietjie skeerroom ontnugter en 'n hele paar middernagtelike gevegte het ontstaan.

Almal was verbaas oor die hoeveelheid kos wat hulle gekry het. Daar is tot botteltjies Coke uitgedeel waarvan 'n goot gedeelte deur die "offisiere" geledig is.

Saterdagaand was daar geen tekens van roeringe nie en almal het uitgesien om huis toe te gaan. Vroeg-vroeg Sondagoggend is die trokke gelaai en het hulle terug skool toe vertrek. Daar aangekom, het almal saamgestem dat dit eintlik lekker was.

**— Jacobus Claasen**





Sha-na-na!
—Help!
MUISNESTE
Laurel
Hardy






90% ?!






Fisic!!





Who's afraid of the big Bad wolf???








my mess and LOVE it


As daar nie een is nie, dan maak ons ..... 'n
"TUNNEL OF LOVE"



### RUGBYDROME

**Eugene sit in die klas en droom oor rugby. Die onnie gewaar dat sy aandag nie by die les is nie en vra hom skielik: "Eugene, hoeveel is twee minus een?" Verskrik antwoord hy: "'n Rugbypaal, juffrou."**

**Verbeel jou:**

1. Samuel met lang hare.
2. Mnr Swan sonder safaripak.
3. Mnr Gordon in Mecca.
4. Mnr Wassenaar as dominee.
5. Sarel Ackermann sonder kougom.
6. Eugene sonder 'n blou-oog.
7. Jasper Daniels sonder teken-idees.
8. Gobabis in die swembad.
9. Mnr Prinsloo sonder 'n sweetpak.
10. Bazil Jordan sonder ninja's.
11. Boshoff wat nie verstrooid is nie.
12. Chris Malherbe betyds vir skool.
13. Wessel Steyn sonder 'n "Gym".
14. Pulé sonder 'n argument.
15. Mnr Swart wat onnet is.
16. Mev Steyn met vet.
17. Mej Botha met juwele.
18. Mev Coetsee met blonde hare.
19. Mej M van Rensburg met lang hare.
20. Mnr Theron sonder ordentlikheid.
21. Mnr Edwards met hare.
22. Die Hoof sonder 'n das.
23. Mnr Venter sonder sy "Nam"-boeke.
24. Tant An sonder 'n tikmasjien.
25. Mev Diedericks sonder popmusiek en dwelms.



*"Waarom nie 'n eie kleedkamer?" Hierdie kwellende vraag van mev Edwards, eggenote van mnr Pierre Edwards, het gesorg dat die eerste rugbyspan sy eie, besonderse kleedkamer kry. Planne is goedgekeur en aan 'n oud-Affie van 1984, Marius Badenhorst, is die taak opgelê. Vandag spog hulle met 'n eie kleedkamer wat geverf is in Affies se kleure; rooi, geel en groen.*

**Laatkomverskonings**

My troetelhoender het los gekom in 'n haelstorm, op die inrypad vasgevries en ek moes wag dat hy ontvries.

Die deure van die bank het skielik oopgeswaai en tienrandnote het uitgewaai. Dit het 'n verkeersknoop veroorsaak.

Iemand het een van my skoene op die bus gesteel.

My boetie het vir die eerste keer gepraat. Ek het gewag dat hy dit weer doen, wat ek wou dit opneem.

Skeinat-Affie aan 'n ander: "Ek is nie bang vir die onbekende nie, dis die dinge wat ons reeds weet wat my bang maak".

Maak toe jou oë... Dis donker nè.

Definisie van 'n badkamerskaal: 'n instrument om wilskrag mee te meet.

**Onnies se droommans:**

Mev Heyns: *"... breë skouers en veral daardie kuitspiere van 'n man..."*

Mej Grobler: *"'n Kapenaar met 'n tennislyf. Aangesien ek weet waar 'n motor se noodwiel sit, moet hy 'n stofsuier kan gebruik."*

Mev Butler: *"Hy moet soos Magnum lyk. Hy moet 'n goeie sin vir humor hê, dalk baie geld hê en hy mag nie knorrig wees nie.*

Mej Van der Merwe: *"As hy soos Deon van Zyl lyk, maak niks meer saak nie."*

**Wat doen ons onnies in hul vrye tyd? Met ons navorsing het ons op die volgende afgekom:**

Mej (Skeinat) Van den Berg: *"Op hierdie stadium in my lewe swot ek Argeologie, Aardrykskunde en Volkekunde."*

Mev Pretorius: *"Ek het nie baie vrye tyd nie. Ek het 'n groot huisgesin en drie honde maar een is nou dood."*

Mev Grové: *"Ek hou daarvan om my kinders aan te jaag as hulle nie wil leer nie."*

Mev (Kuns) Prinsloo: *"In my vrye tyd speel ek maar met my tien honde."*

Mej Vorster: *"Man, ek ry graag fiets."*

Mej Vink: *"Ek lees geskiedenisboeke, eet kerrie en drink mineraalwater en doen nie tuinwerk nie, dis te veel moeite.*


## Letterkunde Kennis (?) van 'n Matriek

Dias wou 'n swart Baretta aan Kirst se pa gaan verkwansel, maar hy't 'n boot nodig gehad om te vaar tot by die seekoeivlei, waar Kirst-hulle gebly het. Maska wou egter nie gehad het dat hy (Dias) hout vir die boot by die Caledonner koop nie. Dias vra toe vir MacDonald om 'n paar boompies af te kap. Saul sien toe rooi, en taai kalender wat hy is, jaag hy die hele spulletjie uit die bos uit. Arme ou Hester se beentjies het haar egter in die steek gelaat en Saul vang haar toe en neem haar na die Vondelpark, waar hy haar opsluit. Die bootbouery is uiteindelik voltooi en Dias besluit om te vaar. Maar o wee! Die hoofmas breek toe. Stephano en Trinculo daarteen sit om te herstel van hulle uitstappie na die Voodoo-Bar. Infante (die beoemde grootwildjagter) kry toe 'n briljante idee: hy skiet vir Oupoot met 'n swart Baretta en geruik sy allemintige tande as 'n mas. Dit was die laaste strooi vir Saul en hy bevlei vir Infante om hom vir eens en vir altyd van sy vakansie in die Vrystaat te laat vergeet. Maar hy't nie rekening gehou met Infante nie: hy gryp toe sommer Groot Kerneels en Bertien se bed en slaan ou Saul met die gedoente op sy kop. Dit was (heel verstaanbaar) die laaste sien van Saul Barnard — 'n man wat geleef en gesterf het met 'n doel: om 'n reguit kring te loop. Intussen het Kerneels hom lelik vererg vir Infante wat sy bed so verinnewoes het en dam hom toe by om hom die naakte waarheid te vertel. Arme Kate probeer die tweetjies uitmekaar hou sodat sy vir Pater Lex kan oortuig dat sy 'n goeie sendeling na Tunisië sal uitmaak.

Dias het toe genoeg gehad van al die onlustokers op sy boot en gooi almal op 'n klein seilbootjie en vaar weg terwyl hy 'n treursang vir Van der Merwe neurie. Die kaboedel op die skippie sit toe koppe bymekaar en besluit om Dias vir die res van sy lewe te agtervolg en hom te skiet met 'n kettie sodra hulle naby genoeg is.

**'n Verwarde Matriek**

## Die besoek van die Amerikaanse uitruilstudente het verskeie reaksies uitgelok




## Eksamen-flater

**Question 3:** Write a paragraph about any career you know.

**The Jeeologis**

A Jeeologis is a peeple what wirk in the fielt, looking for gold and joels (like diemints and robies) This wirk make him very hungry and bekos he always forget his lunch, he like to liek roks and things. Why he liek them i don't know bekos i liek one once and it taste terribul. It alsou make his tung ruff. He like to look at roks with a magnifie glad, maybe to see if there are more things to liek off. He always carrie maps with him maybe bekos he is scared he will get lost. He is alsou scared of being late bekos he always carry a watch with him. It is a very funny watch bekos every time he turn around it show a diffirint time. He call it a compepass. He alsou know alot about maps bekos he can lock at a map and tell joe where the faults is. That is al i know of a Jeeologis eksep maybe that they can drink a lot at paarties maybe bekos they get thirsty of lieking all those roks!

## SÊGOED UIT KAMER 35

**Mev Pienaar:** Goeiemore standerd sewes... e... ek bedoel, standerd tiene.

**Haai julle, hier's foto's!!**

**Anka:** Ek wil dit na jou hê.

**Sunette:** Moet net nie aan die binnekant van die foto's vat nie!

**Mev Pienaar:** Kom nou standerd tiene, kry uit julle boeke!

**Marelize:** Maar juffrou...

**Lizelle:** Hallo liefie...

**Adele:** Ek het gister die mooiste rok gesien...

**Lucia Beneke:** Ek weet

**Yvette:** Wil jy die Vogue saam met my deurkyk?

**Ianita:** Hier's 'n foto van Michael...

**Hanlie:** Wat gaan met jou hare aan?

**Corne:** Ag, julle dink alweer ek's dom.

**Janine en Yvette:** Aaa... maar jy's besig om slim te raak.

**Rujeanne:** Bly gou stil, Krista wil iets sê.


**Krista:** Luister julle, met wat wil julle hê moet ek die teddiebeer koop?

**Sharon:** Ek sê niks.

**Die klok lui!**

Die gesels gaan voort, banke en stoele lê onderstebo en 'n uitgeputte mev Pienaar staar die onbeheerbare standerd tien A-klas agterna...

**— Vlieg teen die muur**




### WONDER MAAR NET ...

1. Hoekom ou Sarel Ackermann altyd laat is vir hekdiens maar betyds vir sypaadjie patrollie óórkant die straat.
2. Hoekom Samie de Beer nie sy hare laat groei sodat hy beter kan "click" nie.
3. Hoekom Hano Vlok en Johan van der Walt nie eerder na 'n gemengde skool gaan nie.

'n Optimis is 'n kalkoen wat twee weke voor Kersfees rondloop en "Mooo" geluide maak.

## Wanindrukke waaronder leerlinge verkeer in verband met die waarnemingsvermoë en/of IK van Onderwyseresse

Baie leerlinge dink dat onderwyseresse se waarnemingsvermoë afneem die oomblik wanneer hulle in 'n klaskamer inloop. Hieronder volg 'n paar beskrywings van 'n paar situasies wat werklik plaasgevind het, ter stawing van hierdie stelling.

**'n Paar algemene situasies:**

'n Onderwyseres verduidelik iets aan 'n leerling — die res van die klas lawaai omdat die onderwyseres hulle nie kan hoor as sy met iets anders besig is nie.

'n Leerling het nie haar huiswerk gedoen nie, maar maak regmerkies op 'n skoon bladsy van 'n ander boek (Bybelonderrig of GW) wanneer die werk gemerk word, om die onderwyseres gelukkig te hou.

'n Leerling gebruik parfuum/reukweerder ("Mum" of "Sixth Sense") aan die einde van die dag in 'n klas en almal snak as gevolg hiervan na hulle asem — die onderwyseres het gelukkig nie 'n probleem wie want haar reuksintuig is in die klas net op bordkryt ingestel.

**'n Paar eksamensituasies:**

'n Leerling maak 'n toegedraaide lekker (verkieslik 'n toffie) "geluidloos" oop terwyl sy stip na haar oop handboek staar.

'n Leerling skil 'n nartjie of lemoen en niemand kom dit agter nie.

'n Leerling probeer 'n boodskap met vingertaal aan 'n vriendin oordra — die onderwyseres sien dit toevallig en die vingers word gebruik om feite wat saamgeprewel word op af te tel.

'n Leerling wil 'n brief aan haar vriendin stuur — die onderwyseres vermoed iets. Die leerling hipnotiseer die onderwyseres deur stip in haar oë te kyk en vriendelik te glimlag. Sodra die onderwyseres afkyk, sal sy vergeet dat bogenoemde leerling 'n brief wou aanstuur en kan die leerling dus oorgaan tot aksie.

**'n Buitengewone situasie:**

'n Leerling sit voor in 'n klas met 'n blikkie kondensmelk op haar bank. Om haar 'n bietjie energie te gee, vat sy elke keer wanneer die onderwyseres haar rug draai om iets op die bord te verduidelik, 'n sluk uit die blikkie. Die onderwyseres kom niks agter nie.

**Kinders, het ons 'n verrassing vir julle!**

## Kermis — en — dis die blond...

**"My standerd ses kermis is een wat ek nooit sal vergeet nie, my ma ook nie — (dit was sy wat my klere na die tyd moes skoonkry!)**

Vir die seuns het die kermis al vroeg-vroeg begin toe daar al eerste pouse geraap is na al wat die Bosveldwinkel kon bied. (Veral die kondensmelk vir die koshuisbrakke). Daarna het die skooldag tot sy einde gekom en die kermis het amptelik begin. Daar was motorfietse, 'n springkasteel, verversings, 'n Bosveldwinkel en die hoogtepunt van die dag — die Kruiwa "Rally" met sy duisende lagwekkende oomblikke. Vir sommige seuns was dit 'n goeie geleentheid om 'n bietjie gek te skeer en nie die "rally" ernstig op te neem nie, maar vir ander was dit erns om hul klas bo aan die wenlys te plaas.

In die spogkruiwakompetisie was dit ook 'n storie, maar van 'n ander kleur. Al die standerd ses klasse het met toiletkruiwaens te voorskyn gekom. Op die ou einde het die St 6F-klas se lappop met die ontstuimige maag na die finaal deurgedring ten spyte van die slagspreuk:

*"Dit is die blond*
*Dis die blou*
*Dis die Brooklax wat ek kou*
*Dis die pyn op my maag*
*wat my kruiwa toe jaag."*

*Die Bosveldwinkel het weer op sy beurt baie mense getrek en die sukses van die Bosveldwinkel kan sekerlik toegeskryf word aan die vrygewige ouers wat so mildelik bygedra het en aan al die personeel en seuns wat by die verkope betrokke was — en beslis ook mevv Van der Merwe en Van Vuuren se groot entoesiasme.*

*Alhoewel die valskermspringers as gevolg van weersomstandighede nie kon spring nie, die rugbyvelde twee groot moddersirkels gehad het en 'n paar seuns baie seer huis toe gegaan het na die "Kruiwa Rally", was dit 'n groot sukses en almal het dit baie geniet.*

*Die gesellige skaapbraaiete waar ouers en kinders saam kon eet op die "stoeprestaurant" was beslis ook een van die hoogtepunte van die kermis. Dié saamkuier van ouers met vriende se ouers het ook talle nuwe vriendskapsbande tot gevolg gehad en die sterk Affie-gees het ook hier weer verinnig.*

**Johan O'Kelly**
**Ulrich Kotzenberg**

## Statistiek

**Vrydag, 2 September 1988. Alles is in rep en roer, dis kermis. Ten spyte van die reënweer het Affies reeds besluit; hiedie kermis gaan weer 'n sukses wees. Dit was, die statistieke spreek vanself:**

Die klaspogings het soos volg gelyk:
Eerste plek: 9A, Kontantbydrae: R3 763,44; Bosveldwinkel: R120 — **Totaal: R3 883,44**
Tweede plek: 9E, Kontantbydrae: R2 159,32; Bosveldwinkel: R270 — **Totaal: R2 429,32**
Derde plek: 6F, Kontantbydrae: R1 600,87; Bosveldwinkel: R500 — **Totaal: R2 100,87**


Die kruiwakompetisie is deur die st 8's oorheers met 8E die beste skoukruiwa en 8A as die wenners van die Kruiwa Grand Prix.

Die grootste individuele bydraes is gelewer deur:
Pieter Reichert St 9A: R1 650; Hendrik Prinsloo St 6B: R560; Jaco Cloete St 6A: R550; Ernst Amos St 6A: R509.

André en Charl van der Walt het die grootste bydrae tot die 'Bosveldwinkel' gelewer.

Die netto opbrengs het R30 000 beloop. Baie geluk Affies met die uitmuntende poging!

**— Anton van Reenen en Gerald Garner**



## Johann Preller

**Die woord veelsydigheid het verdere betekenis gekry in die persoon van Johann Preller. 'n Mens wil amper vra wat Johann nie kan doen nie. Met 'n positiewe gesindheid en uitkyk op die lewe, het hy in Affies ingeploeg, dit wat vir almal as voorbeeld kan dien. Daar is prestasies op kulturele gebied asook aktiewe deelname op die sportveld.**

In Johann se st 8-jaar begin sy toewyding aan toneelspel vrugte afwerp met 'n goue ATKV-sertifikaat vir toneelspel. Die daaropvolgende jaar verwerf hy twee silwer ATKV-sertifikate vir toneelspel. Hy word ook verkies tot skoolprefek.

Maar 1988 span die kroon op Johann se harde werk. Hy slaag die Suid-Afrikaanse Tweetaligheids Taalbondeksamen met lof en saam met Robert Brand (1983) en sy broer, Danie Brand (1985), word hy die derde Affie wat die prestasie kon behaal. Hy kry 'n A-simbool vir Afrikaans en vir Engels. Verder neem Johann ook deel aan die Pretoriase Spraakgilde Redenaarspankompetisie waar hy ook meer as sy kant bring. Op 'n stil, dinamiese manier wys hy wat 'n ware Affie, 'n lojale Affie, behoort te wees.

Affies vereer Johann met volle skoolerekleure vir sy onbaatsugtige diens op kulturele sowel as sportgebied.

Stroom-op wens vir Johann nogmaals geluk en wens hom sterkte toe vir sy toekoms.

## Matriek word "uitgekoop"

"Chelseabuns",. vetkoeke, modeparades om nie eers van die vrugterolle te praat nie, en dit alles om an die matrieks ontslae te raak. Idees om geld in te samel het gewissel van die ou, onoorspronklike metodes soos filmvertonings, sokkies en koekverkopings, tot die meer vindingryke forel-kursus, vetkoekverkopings, "raai hoeveel"-kompetisie s en vele meer — en terwyl die standerd neges spook om geld in te samel vir die matriekafskeid, kan die standerd tiene nie voorbly om geld op "Weigh-less"-kos te spandeer nie. Geld, o liewe geld, en op die ou einde word al die standerd neges se vindingrykheid as't ware opgeëet deur uitgehonderde matrieks!

"Die kos beter lekker wees, want dis al waarvoor ek kom", word daar oral gedreig.

Na die groot aand breek die groot eksamen aan, daarna vakansie en dan 1989 — 'n splinternuwe jaar waarin geld weer bymekaargemaak sal moet word. "En", sê die huidige standerd neges "ons hoop die st neges van volgende jaar gaan nét so hard werk vir ons afskeid"!

## Standerd agts besoek ouetehuis

Toe die eerste September aanbreek en daarmee saam die lente, het die standerd agts besluit om 'n bietjie vreugde te bring waar daar soms vergeet word van iets soos lente. Die standerd agts het aan die verswakte bejaardes van die ouetehuis Eastwood koekies en blomme gevat. Dit was so wonderlik om te sien hoe elke klein blommetjie opreg waardeer word. Dit het nie net vir die bejaardes iets beteken nie, maar dit het elke standerd agt opnuut laat besef watter voorreg dit is om jonk en vol lewenslus te wees.



*Op die foto is 'n paar van die standerd agts by die ouetehuis Eastwoord. Van links is Renzo, Dirkie, Elize, Rolene, Karin en Susan.*



## Karen Schoeman-uitruilstudent

**'n Groot avontuur wag op Karen Schoeman. Sy gaan as uitruilstudent na die VSA, of meer spesifiek Louisianna.**

Karen het by Rotary International aansoek gedoen en sy het 'n streng keuring ondergaan. Na 'n onderhoud by een van die Rotary Clubs is sy deur na die Finaal. Sy is as uitruilstudent gekies uit 28 ander applikante van Noord-Transvaal. Sy sou oorspronklik na België gaan, maar België het alle studente uit SA geweier. Sy vlieg nou op 17 Januarie 1989 na Louisianna.

Vir Karen is dit 'n groot uitdaging. Sy hoop om insigte te kry in die denkwyse van Amerikaners, hulle leefwyse en hulle kultuur. Sy is van plan om hulle meer te vertel van ons mooi land en sy wil hulle aanmoedig om self te kom uitvind wat die omstandighede hier werklik is.

## As jy in Rome is . . .

**Dinsdag 27 September — die skoolsaal van AHMP word (sonder die hulp van 'Polyfilla') in 'n Romeinse onthaalsaal omskep. Daar is alles — slawe, musiek, 'n toneelgeselskap bestaande uit die st. Novern-Romeine en kos. Dit was die Romeinse Ete. Die vyftig gaste, geklee in lakens, is met 'n lourierkrans by die deur verwelkom.**

**Nadat almal aangelê het, is hulle deur die slawe bedien. In die middel van die aand is die etery onderbreek en die gaste is op die tragiese verhaal van Proserpina, Pluto en Ceres vergas.**

**Die verskyn van slawe met bakke nagereg het die atmosfeer gou weer na 'n vrolike een omskep. Nie lank daarna nie het die fees eintlik begin. Uitbundige musiek het die saal gevul. Daarop het die Romeine soos mal hoenders in die saal begin ronddans — wals, polka, Joodse volksdane en ander danse met onbekende oorspronge. Tog moet alle goeie dinge tot 'n end kom. Om halfnege is almal huis toe, behalwe die slawe. Hulle sal die aand met die baie skottelgoed nog lank nie vergeet nie!**

## Groot Trek Herdenkingsfees

**Op 30 September is die Groot Trek feesvieringe met groot entoesiasme afgewag. Vir dié wat durf vergeet het waaroor die Groot Trek gegaan het, het mnr Edwards gou weer die verlede in herinnering geroep.**

Die Boeretrots en deursettingsvermoë is weer voor die gees geroep en die ideaal om voort te bou op die stewige hoekstene wat deur dié besonderse voorvaders gelê is, is weer opgeskerp.

Na die erns het 'n plesierige piekniek gevolg waar sagtebal, "volleyball" en die tradisionele matriekrugbyspan teen die onderwysers gespeel het.


## St 8 Leerlingraad

**Die leerlingraad van 'n skool is 'n belangrike skakel tussen die onderwysers en skoolkinders. Slegs deur 'n goeie verstandhouding tussen die onderwysers en die leerlinge kan 'n skool se byeenkomste sonder probleme verloop.**

Gedurende die jaar moes klaskapteins verskillende take verrig. Die insameling van geld vir verskeie funksies en opnames wat gemaak moes word. Een van die belangrikste take was seker die Kruiwa Grand-Prix wat gepaard gegaan het met die kermis. Al hierdie aktiwiteite het aansporing en motivering gekos. Groot dank aan mnr Krüger wat aan die hoof van hierdie aktiwiteite gestaan het en al die registeronderwysers.

Die St 8-leerlingraad kan met trots sê dat die jaar 1988 'n baie suksesvolle jaar was wat almal laat uitsien na 1989.

**— Phillip Blom**



# Koor

**Nog 'n jaar het gekom en gegaan en soos '86 het '87 ook verbygegaan en toe kom '88 en dit het ook verbygegaan. In '88 is daar 'n ... "maar" ..., "maar" '88 het nie ongesiens verbygegaan nie. Ons liewe koor, met swaar depressie op mnr "Big Chief" of sommer Duppie se hart. Die arme mnr Du Plessis het aan die begin van die jaar SKOK opgedoen toe hy hoor dat hy Affies se koor moes afrig. Wat arme mnr Duppie van koor af geweet het, was 'n gevaar, 'n riller ...**

Wat 'n geluk met so 'n topkoor hoef 'n afrigter ook net die nodige handeswaai te doen. Die koor doen die werk.


Die een klim agter die klavier in, die ander lot help mnr Du Plessis reg en die res sing. Die koor hoor 'n melodie ook net een keer en dan sing hulle, en hulle kan sing. Die koor sing die wêreld vol, van Brits tot in Pannevis se studiesaal. Dit is dan ook in die studiesaal waar daar Dinsdae en Donderdae deur geoefen is.

'n Wonderlike koorkamp en 'n wonderlike kerkafsluiting is met trots afgehandel. Die koor is 'n trots — Juffrou Naudé, dit is nou sangklas-Naudé, het menige dae amper die piep gekry oor die pragtige sang en puik stemme.

"Maar wag laat ek stilbly, kom beleef dit self in Affies se koor. Die met daardie bietjie ekstra "stem" is nog dalk gelukkig genoeg om in die Jeugkoor te beland.

Groetnis en sien julle by die koor.


**— Etienne van der Nest**



*Agter van links na regs: Donald Klopper, André Brand, Henry Miles, Hannes Vorster, Phillip von Brandis-Martini, Deon Myburgh.*
*Middel: Werner Stockhoff, Dirk Uys, Johann Botha, Jan van Graan, Gerald Garner.*
*Voor: Hendrik Combrink, Christo van Dyk, Christiaan van der Merwe, Anton Beukes.*

# AHS se Biologie-klub het wat!?

**Hierdie jaar het die Biologie-klub van AHS gesorg dat die heel eerste klubinskrywing vir Expo uit die skool 'n goue medalje wen. Dit het alles geskied onder die bekwame leiding (lyding?) van mnr Deon du Plessis.**



*Hans Gildenhuys se vertrek sal 'n groot leemte laat. Sy ywer en entoesiasme gaan ons mis. Groot waardering vir hom en sy helpers.*

Die projek waaraan die Klub gewerk het, was onder die tema: "'n Poging om 'n stukkie natuur aan die inwoners van Pretoria terug te gee." Die projek handel oor 'n ekologiese studie van Strubendam, 'n klein dammetjie in Lynnwood Glen. Dit behels die opmeet van die dam en 'n waarnemingstudie is gemaak van die plant- en dierlewe asook verskeie aanwesige chemiese komponente.

Daar is ook vir 'n ander kompetisie, ENVIRO '88, ingeskryf. Daar is 'n tweede plek in die afdeling waarvoor ingeskryf is, behaal. Om al hierdie inligting te versamel, moes baie opofferings van die leerlinge en mnr Du Plessis se kant gemaak word. Hulle moes twee volle dae, in skooltyd, op die dam in die son gaan bak, terwyl hulle "gelukkige" vriende eksamen geskryf het. (Miskien het die Klub volgende jaar meer lede ...?)


# AHS BY EXPO

Weer eens was dit 'n goue jaar vir Affies by Expo. Van vroeg in die jaar het leerlinge aan hulle take gewerk, en is goed daarvoor beloon. By die uitdunne wat op 27 Augustus gehou is, is vele brons-, silwer- en goue sertifikate verwerf, en daardeur het AHS die hoogste persentasie finaliste gelewer. By die finale rondte, te Witwatersrandse Technikon, wat op 15 Oktober gehou is, het Affies met die meeste medaljes van die Pretoria-streek weggeloop.

Jan van Graan en Deon Myburgh, 'n brons vir hulle taak oor lugaviasie by helikopters; Anton Beukes 'n silwer vir sy Periodieke Tabel; Gerald Garner en Anton Beukes, 'n goud vir hulle taak oor verf, en die AHS Biologieklub, 'n goud vir hulle studie oor Strubendam.

So het die Affies weer bewys gelewer van hul veelsydigheid! Knap gedaan.

# Dramuk '88 — 'n eerste vir Affies



**Alhoewel Affies jaarliks op kulturele gebied besig is met koorsang, toneel, orkesuitvoerings en kultuuraande, was dit asof sulke geleenthede maar gekom en gegaan het.**

Deur met 'n nuwe idee vorendag te kom, is die kultuurbelewing vanjaar meer blywend van aard gemaak. DRAMUK '88, 'n hele week van drama, musiek en kuns is gebore — 'n eerste vir Affies.

Maar waaruit moes die program bestaan? Wat behoort die mikpunt met so 'n kultuurweek te wees? Die uiteindelike antwoord op hierdie vrae was: deelname en betrokkenheid van beide leerlinge en ouers. 'n Aanbieding vir die leerlinge en ouers deur die leerlinge en ouers, dus.

Die bal is aan die rol gesit deur die toneelgroep se eenbedryf tot 'n groter program uit te brei. 'n Revue en 'n uitvoering deur die skool se blaasorkes sou die res van die verrigtinge uitmaak. Vir die kunsfanatici — 'n kunsuitstalling in die personeelkamer. En om 'n bietjie styl in sake te weef, sou die DRAMUK-week met 'n amptelike opening begin.

Die eenbedryf wat die toneelgroep aangepak het, was "Die Prisonier" deur Jac J Brits — 'n simboliese voorstelling van die Christusverhaal.

Die Revue, aanvanklik 'n bietjie vreemd, was baie gewild toe die seuns agtergekom het dat die ontstaan en ontwikkeling van vervoer (baie komies) uitgebeeld word.

Die blaasorkes se program het gewissel van swaar klassieke werke tot die vrolike "Hello Dolly".

Die kunsuitstalling sou uit werke van kunsleerlinge en kunstenaars soos Francois Swanepoel, Jaco Roux en Ginelia Hugo bestaan.

'n Noue band is tussen die meelewendes gesmee — die aansteeklike entoesiasme van die sprankelende, jong personeel het die groot sukses verseker.

Alhoewel DRAMUK '88 reeds teen die einde van Junie geskiedenis was, deel almal steeds 'n gevoel van sukses. Die samewerking van ouers, personeel en leerlinge het dit heerlik gemaak om deel van die kultuurweek te wees — teleurstelling toe alles verby is — 'n gemis, 'n verlange — tot volgende jaar!

# Jongman, wees 'n wenner!

**Ds Jan A van den Berg lei die 1988 kerkafsluitingsdiens op Woensdag, 26 Oktober, uit Rigters 6:11-18 en 24-29 vanuit die Pretoria-Oos NG Kerk.**

Die treffende boodskap aan al die Affies, vertrekkende matrikulante en hul ouers laat die besef wéér posvat dat Hy die mens se grootste krag is.

Ds van den Berg stuur die jongmanne die lewe in met die wete dat elkeen 'n wenner vir Christus kan wees deur gelowig saam met Paulus soos in Filippense 4:13 te bely: "Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee."



'n Meer gepaste wyse om as skool van die matrikulante afskeid te neem kan daar nie wees nie veral as ook gedink word aan mnr Deon du Plessis en die koor se bydrae om van dié diens so 'n onvergeetlike belewing te maak.

Mnr Kruger, die hoof, het dan ook op sy kenmerkende dinamiese wyse aan die seuns gesê om altyd te onthou: die lewe skuld jou niks. Villiers het vir oulaas aan almal die versoek gerig om getrou te bly aan die beloftes van die erekode.

Met die kerkafsluitingsdiens en seënbede sê Affies tot siens aan die 1988-matriekgroep.

# Rekenaar-klub

**Die Affie Rekenaarklub kan met reg trots wees op 'n baie uitsonderlike jaar.**

Uitstappies is gedurende die jaar na plekke soos Infoplan en die SAUK onderneem. Verskeie van die lede het prestasies opgelewer in die jaarlikse Rekenaarolimpiade waaraan Affies vanjaar vir die eerste keer deelgeneem het. Die jaar is afgesluit op Woensdag, 2 November, met 'n baie aangename funksie in die Mediasentrum.

Die Rekenaarklub is veral baie dank verskuldig aan Hans Gildenhuys wat die beginnergroep gedurende die jaar so 'n bietjie touwys gemaak het. Roché van Rensburg het saam met mev Stofberg die gevorderde groep behartig. Mev Booysen het weer skitterend opgetree as organiseerder. Baie dank is aan haar verskuldig vir die mate van toewyding en pligsgetrouheid waarmee sy die klub gelei het.

Volgende jaar beoog die Klub om ten minste twee uitstappies per termyn te onderneem. Die aankoop van nog 'n rekenaar is ook op die jaarbeplanning.

Die bestuur hoop dat die getalle van die klub ook aangevul sal word sodat hierdie baie aktiewe klub volgende jaar net beter geleenthede aan sy lede kan bied.

# ACSV-KAMP '88 — 'n belewenis

**'n Besondere ACSV-kamp is vanaf 12 tot 14 Augustus te Kamp Reinard naby die Roodeplaatdam gehou. Die kamp is deur ds Paul Prinsloo van Phalaborwa gelei.**

Dit was vanuit die staanspoor 'n groot fees. Met twee primitiewe Kombi's van die Ooskerk, Gabriël en Apostel, moes drie-en-veertig kilometer na die kampterrein afgelê word. Voorwaar 'n herinnering aan Noag se veertig dae en veertig nagte in die ark...

Aan die "foefie-slide"-ryery by die rivier is vinnig 'n einde gemaak toe Barend in die water beland het.

Die kamp is op 'n hoë noot afgeskop met sang en besprekings oor die tema "Wie is U, Here?" Almal het onder die diepe besef gekom van God se Almag en Heiligheid.

Die hoogtepunt was beslis Saterdagaand se pasga, toe daar egte ongesuurde brode en druiwesap genuttig is. Elkeen het ook die geleentheid gekry om 'n kers aan te steek, waarmee hy erken het dat hy bereid is om Jesus te volg en sy hart aan Hom te gee.

Sondagoggend is die kamp afgesluit met 'n erediens gelei deur ds Paul waar daar ook heerlik saam gesing is. Daarna het almal gesmul aan die heerlike voorbereide kos en moes die pad terug aangepak word om die versterkte Christenskap by die skool te kom uitleef. Groot dank aan mnr Piet van Rensburg en almal wat die kamp en jaar by die ACSV moontlik gemaak het. Mag almal die Here loof en alle eer aan Hom gee!

**— Gerald Garner en Anton Beukes**

# Rugbyfinaal

**Op Saterdag, 20 Augustus 1988, is nog 'n hoofstuk tot Affies se roemryke tradisie bygevoeg. In 'n spannende en opwindende finaal van die Noord-Transvaalse Direkteurstrofee vir rugby het Affies Langenhoven naelskraap met 14-11 geklop. Die eindtelling vertel egter nie die volle verhaal van hierdie merkwaardige wedstryd nie.**

Hoewel Langenhoven die volslae gunstelinge was, was daar tog die Affies wat die Wittruie 'n kans gegun het. 'n Plaaslike koerant het dit soos volg gestel: "Om Affies te onderskat, sal 'n groot fout wees. Die span het 'n trotse tradisie en verloor nie sommer in belangrike wedstryde nie — veral nie op sy tuisveld nie" Profetiese woorde...

Saterdagoggend vroeg was dit al duidelik waarom Affies as 'n tradisieryke skool bekend staan. Van heinde en verre het die oud-Affies en oud-onderwysers opgeruk om hul Alma te ondersteun. Wat 'n wonderlike ervaring was dit nie om persone soos dr Potgieter (skoolhoof van A H S 1947 — 1963) en oupa van Jan-Lodewyk), mnr Terblanche (skoolhoof 1970 — 1973), mnr Roesch (skoolhoof 1974 — 1984) en mnr Piet Bosua (40 jaar verbonde aan A H S) onder die toeskouers op te merk nie. En dan praat 'n mens nie eers van die talle oudskoliere nie, sommige soos prof De Villiers, wat meer as 'n halwe eeu gelede aan A H S gematrikuleer het.

Die spel van die Affies het hul ondersteuners nie teleurgestel nie. Die koerante het die verloop van die wedstryd soos volg beskryf: "Hyper-motivated Affies started at a furious pace... using Stephan Venter crashed over for a 4-0 lead before Langenhoven knew what had hit them. Langenhoven counter-attacked, camping in their opponents' 22 m area for long periods, but could not find a way through the tigerish defence and found themselves 10-0 down when Affies skipper Faan Nel rounded off a lightning raid upfield with a try in the corner..."

"Affies was teen alle verwagting in met rustyd 10-0 voor. In daardie stadium was Affies net twee keer in Langenhoven se halfgebied — en het albei keer gaan druk."

Na rustyd het Langenhoven verbete teruggeveg. Danksy twee mooi drieë en 'n strafskop was Langenhoven 'n paar minute voor die einde met 11-10 voor. Toe 'n strafskop net buite Affies se halfgebied aan Langenhoven toegeken word, wou dit voorkom asof die koël deur die kerk was..." Maar dit was nie...

"Flyhalf Ettienne van Zyl failed to find touch, Affies started running from their own 22 m area, forced the 5 m scrum and Potgieter sliced through to shatter Langenhoven..."

Miskien het die Pretoria News die Affies se gevoel die beste opsom. Onder die opskrif: "An incredible win for Afrikaans Hoër" is opgemerk: "Where Affies found the reserves to come back, no-one knows, but they did and one can only marwel at their big-match temperament and incredible self-confidence."



# Voor die wind met Hokkie

**"Voor die wind" is 'n gepaste uitdrukking om die afgelope hokkieseisoen mee te beskryf! Veral twee spanne het uitgestaan— die o/15 A-span en die eerste span. Vanaf vroeg in die tweede termyn is spanne gekies, geoefen, bemoedig, weer geoefen en weer en weer. Hierdie harde oefening, spangees en deursettingsvermoë het definitief vrugte afgewerp!**



Nadat gedugte teenstanders soos F H Odendaal, Waterkloof en Clapham, verslaan en verslae agtergelaat is, gaan die twee spanne voort met hul segetog. Albei wen hul wedstryde in die kwarteindstryd vir die bepaling van Noord-Transvaal wenners. Julievakansie word steeds hard geoefen — terwyl hul maats fliek, ysskaats of sommer net heerlik ontspan, stort twee-en-twintig Affies hul hart en siel in hul geliefkoosde sport. Albei spanne speel in die halfeindstryd maar kon ongelukkig, na 'n verbete stryd, nie die oorwinning behaal nie! Almal was hartseer, maar groter as die hartseer was die geesdrif en oortuiging dat Affies volgende seisoen weer hul merk gaan maak in hokkiekringe!

Die spanne wat hul so goed van hul taak gekwyt het, is:

Eerstespan: Sunette Swart, Anka du Pisanie, Ulrike Schoeman, Izelle Kock, Jonette Liebenberg, Karin Schoeman, Lorinda Buning, Liz Potgieter, Linda Bester, Anneri Bezuidenhout, Henriette Smith (kapteine).

o/15A: Marita Oosthuizen, Karin van Graan, Johanneke van der Merwe, Karin Bilmnan, Ilse Kock, Erma Barry, Liezl van Rooyen, Renzo, Wilma Stalz, Hedwig Venter, Janie Nel.

Alle eer gaan aan die afrigsters van hierdie twee spanne: mej M van den Berg (eerstes) en mev M Pienaar (o/15A), sonder wie daar nooit dieselfde hoogtes bereik sou word nie. Affies kyk terug op 'n blink hokkieverlede, maar kyk vorentoe na 'n nog blinker toekoms!

**Anneri Bezuidenhout**

## Skyfskiet '88

**Gedurende 1988 het die junior en senior skietspanne in verskeie kompetisies baie goed gevaar. Beide skietspanne het as wenners van die streekliga uit die stryd getree.**

Die juniors het as naaswenners op die semifinale uitskietkompetisie by die Sonderwater Gevangenis deurgedring na die Noord-Transvaal finaal.

Werner Stockhoff is die kampioenskut van die senior span en ook die algehele kampioenskut. Gustav van der Westhuizen is die kampioen onder die juniors en het ook Noord-Transvaalkleure in skyfskiet verwerf.

Nie dat 'n mens sommer saam met die "besige" Werner oorlog toe sal wil gaan nie — maar die skyfskietspanne dwing altyd respek af vir hul fyn korrel en raakskiet.

**Gustav van der Westhuizen st 8D**

# Oranje besoek Blou



**Die naweek van 20 Augustus is nog 'n tradisie van ons skool voortgesit deur die besoek van die Oranje Hoër Mesieskool, Bloemfontein. Alhoewel slegs twee hokkiespanne ons kon besoek, was dit 'n dag wat nog lank deur die Affies onthou sal word.**

Die wedstryde wat gespeel is, was slegs vriendskaplik, maar elke span het gespeel om te wen. Affies se eerste span moes egter ekstra hard werk, aangesien 'n paar van die spanlede vervang moes word. In die eerste tien minute van die wedstryd was daar ook reeds talle beserings. Affies het nie moed opgegee nie, maar die Vrystaters het hulle storie geken en het die oorwinning behaal.

Die Affies was verslae, want die eindtelling was nie 'n weerspieëling van die hoogtepunte wat in die hokkieseisoen deur hulle bereik is nie.

Die o/15 A-span het soos altyd puik hokkie gespeel en het die pyp gerook deur Oranje Meisies met 2 doele teen 1 te klop.

Na afloop van die wedstryde het die hokkiekomitee voorsiening gemaak vir heerlike verversings. 'n Gesellige atmosfeer en gees het geheers en bande tussen die twee skole is steeds hegter gesmee. Volgende jaar is daar hopelik weer geleentheid vir so 'n dag waar elke sport-Affie sowel as toeskouer haar deel kan doen, sodat ons vir hulle ore kan aansit!



# Affies — Skermklub

**'n "Nuutjie" by Affies? Nee, miskien net meer amptelik. Die Affie-skermlede het vanjaar baie goed begin en uit die staanspoor gewys dat daar groot dinge van hulle verwag kan word.**

Verskeie kompetisies is deur die Transvaalse Skermvereniging gereël waarin die Affies goed presteer het. Op 24 Februarie het hul die Transvaalse skolekompetisie gewen. Die gunstelingskool, The Glen High, wat gewoonlik met die louere wegstap, was verras met die oortuigende oorwinning!

Drie skermlede het dan ook vanjaar hulle erekleure ontvang, naamlik Andries Heese, Jaco du Toit en Charl du Toit. Tydens die Nasionale skermkampioenskappe is Andries Heese aangewys as die SA-skolekampioen vir 1988 — 'n besondere prestasie!

Die Affie-skermklub beplan groot dinge vir die toekoms. Kompetisies tussen Noord-Transvaal se skole en deelname teen 'n Wes-Duitse span is maar enkele hoogtepunte waarna hul kan uitsien.

Belangstellendes wat graag deel wil wees van hierdie eksklusiewe groep sportmanne, kan gerus die oefeninge op Dinsdae en Donderdae bywoon — sien julle daar!

Die komitee vir 1989 is: Voorsitter: Jaco du Toit, Ondervoorsitter: Andries Heese, Sekretaris: Jannie Steyn, Addisionele lid: Riaan Botha, Organiseerder: Mnr P van Rensburg.

# Muurbalklub '88


**'n Baie bedrywige derde termyn is vir die Muurbalklub agter die rug en dié gewilde sportsoort beleef steeds 'n groeiende ledetal. Die belangrikste gebeure was die twee kampioenskappe op Noord-Transvaalvlak.**

Die eerste skole kompetisie het in spanverband deelname vereis. Die eerste span uit elk van die ouderdomsgroepe het hul slag in die kampioenskap gewys. Boys High en Menlopark het vir strawwe kompetisie gesorg maar tog het die Affies se puik sportmansgees en veggees hul opponente se respek afgedwing. Veral die belowende o/14-ouderdomsgroep het baie goed gevaar.

Die Noord-Transvaal Muurbalvereniging het die individuele spelers geleentheid gebied om op 'n toernooi vir die Noord-Transvaalspan te kan kwalifiseer. Drie o/16-spelers het deelgeneem: P Kriek, J Crafford en W Nel. Kriek en Nel het deurgedring na die semifinaal van die tweede verloordersplaat en Crafford na die semi-finaal van die eerste verloordersplaat.

Pierre Kriek is dan ook die eerste Affie wat erekleure vir muurbal verwerf. Die Affies hoop hy het die deur nou oopgemaak vir nog vele meer muurbal prestasies. Hierdie sportsoort het sedert mnr James Nel se stigtingsdag vir die Affie Muurbalklub nog net van krag tot krag gegaan.

— **James Cross**



# SPORTVROU VAN DIE TERMYN:

**Om vir Sunette Swart in twee eenvoudige woorde te beskryf kan mens net sê: Atletiek en Hokkie. En nie sommerso nie: SA-kampioen en eerstespandoelwagter.**

Op 26 April 1970 het Pretoria 'n belowende sportvrou bygekry! Sy gaan na Pretoria-Oos laerskool, waar sy vir die eerste keer in graad een met atletiek, naamlik 80 meter naellope, te doen kry. Op elfjarige ouderdom begin Sunette se loopbaan in gewigstoot en sy stoot haar weg tot Noord-Transvaalkleure oop.

**Stroom-Op:** Wanneer het jou hokkieloopbaan begin?

**Sunette:** Wel, ek het nooit daarin belanggestel nie, totdat ek 'n kind wat Noord-Transvaalkleure in hokkie verwerf het, se houe met sukses en gemak buite die doelhok gehou het. Die LO-juffrou het my daar en dan laat begin oefen! Dit was in standerd agt!

**Stroom-Op:** Wat was jou grootste teleurstelling sedert jou hokkie-loopbaan begin het? En die hoogtepunt?

**Sunette:** Gelukkig het teleurstelling 'n ompad om my geloop. Nou die dag is ons eerstejaars egter in die halfeind uitgeskakel deur CR Swart. Daardie leë gevoel het ek nog nooit so sterk gevoel nie. Die hoogtepunt was beslis toe ons vir FH Odendaal gewen het — die eerste keer in jare!

**Stroom-Op:** Wat is jou grootste begeerte?

**Sunette:** Om die Olimpiese Spele by te woon!

**Stroom-Op:** As jy 'n ander sportsoort moes kies, wat sou jou keuse wees?

**Sunette:** O, definitief vyf- of sewekamp in atletiek.

**Stroom-Op:** Wie is jou sportheld?

**Sunette:** Dit is logies dat ek meer helde het, maar om 'n uitsondering te maak — Daily Thompson, die wêreldrekordhouer in tienkamp.

**Stroom-Op:** Wat beoog jy vir die toekoms?


**Sunette:** Ek wil baie graag my onderwysdiploma in LO verwerf, waar ek hopelik in NKP se atletiek- en hokkieklere sal deelneem.

**Stroom-Op:** Buiten sport, wat is jou belangstellings?

**Sunette:** Aangesien ek vyf maal in 'n week op 'n veld deurbring het ek maar weinig tyd. Fotografie is sekerlik my hoofontspanning. Om deur 'n kamera se oog na "dinge" te loer verskaf vir my groot genot, asook fietsry en staptoere. Dan hou ek ook van goeie video's. 'n Mens kan dus eintlik sê ek is 'n buitemuurse meisie.

**Stroom-Op:** Is daar enige boodskap wat jy aan die Affies wil gee?

**Sunette:** Onthou! 'n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees.



# SPORTMAN VAN DIE TERMYN:

**Stefan Venter, kranige sportman, het reeds vroeg in sy lewe getoon dat hy eendag die top sal bereik en nog groter hoogtes gaan bereik.**

In st 5 reeds verteenwoordig hy die Transvaalse Laerskole Cravenweekspan te Port Elizabeth waar hulle derde eindig. Na twee jaar in die Hoërskool Linden kom hy in st 8 na Affies, waar hy baie vinnig sy merk op verskeie gebiede maak.

Sy rugbyloopbaan by Affies, skop hy af in mnr Deysel se vierde span in st 8. Na een wedstryd skuif hy derdes toe by mnr Edwards. Teen die einde van daardie seisoen trek Adriaan vd Walt sy "hamstring" en Stefan speel in die tweede span. Vir die tweedes draf hy in die N-Tvl finaal uit teen Menlo en die span speel toe gelykop. Tot hiertoe speel hy nog altyd vleuel, maar begin st 9 skuif hy na senter vir die tweedes. Mnr Edwards sien weer sy talent en later draf Stefan vir die eerstes teen Hugenote uit. Al het hulle toe verloor, eindig die eerstes as A1 daardie jaar, maar verloor ongelukkig teen Langies in die kwarteind.

Matriek kan seker as Stefan se suksesvolste jaar beskou word. Alhoewel hy maar sleggerig begin het, bereik hy wel later sy beste nadat mnr Edwards hom aangespreek het. Sy spel as vleuel het gou vrugte afgewerp. Hy word verkies tot die N-Tvl Cravenweekspan wat wéér na PE gaan. Hy beleef 'n aantal stil wedstryde maar teen Boland vertoon hy goed en word vir die Transvaalse Hoërskole Bondespan gekies. Voorwaar 'n puik prestasie.


Stefan was net so 'n groot "boffin" op atletiekgebied as rugby. In 1987 kom hy vierde in die 400 m vir seuns o/17 tydens N-Tvl kampioenskappe en hy wen Interhoër. In 1988 behaal hy wéér 'n vierde plek, 400 m hekkies seuns o/19 en wen op Interhoër en die Rentmeesterkompetisie.

Hy skryf hier sy sukses toe aan die vertroue in hom en entoesiasme van mev Fullard en mnr Piet van Rensburg.

Stefan kan nie net "snol" nie, maar kan ook toneelspeel. In "Die Prisonier" speel hy die rol van die aangehoudene. Hier vorder hulle tot in die halfeind van die Direkteurstrofee. Hy stel nie net belang in "spikes en toks" nie, maar ook in sy akademie. Hy handhaaf 'n gemiddeld van tussen 75% en 80%.

Stefan was ook prefek en volle skoolerekleure word aan hom toegeken vir sy lojaliteit en Affiewees.

Die Afrikaanse Hoër Seunskool se beste wense vergesel Stefan.





# Kranige sportman

**Reeds op laerskool lewer Phil uitmuntende sportprestasies. In st vyf speel hy in die Laerskool Monumentpark se eerste rugbyspan en lei die skool se eerste krieketspan as kaptein.**

Met die aanbreek van 1984 skryf Phil as 'n standerd ses-leerling aan die Afrikaanse Hoër Seunskool in. Hier speel hy in die o/13 A-rugbyspan wat as ligawenners uit die stryd tree.

In st 7 haal hy die Sasolspan vir atletiek en word as die beste veldatleet van 1985 gekroon. As eerste krieketspanspeler ontvang hy trofeë vir vordering in kolfwerk asook vir die belowendste krieketspeler van die jaar. Hy speel ook in die o/15 N-Tvl Afrikaanse Skole krieketspan.

As st 8-leerling haal Phil weer eens die Sasolspan vir atletiek. Hy behaal ook die derde plek in gewigstoot as Noord-Transvaalatleet. Op rugby gebied laat Phil nie op hom wag nie en word as kaptein van die o/15 A-rugbyspan gekies wat as naaswenners in Noord-Transvaal eindig.

In 1987 ontvang hy die trofee vir beste kolfwerk as eerste krieketspanspeler.

In 1988 is Phil in matriek. Hy ontvang Noord-Transvaalkleure in atletiek en rugby. By die SA Atletiekkampioenskappe beklee hy die vyfde plek in hamergooi. Hy ontvang ook die trofee as beste veldatleet en speel ook vir die eerste rugbyspan wat as liga- en Noord-Transvaalwenners uit die stryd tree en tot die halfeindstryd van die Direkteurstrofee deurdring.

Phil, die Affies wens jou sterkte toe!

**— Gerald Garner**

# Minette en Raleen: Noord-Transvaal Tennisaffies!




**Dink mens aan Minette Combrinck en Raleen Theron dink jy onmiddellik aan moordende tenniswedstryde! Dit gaan gepaard met baie harde werk, ure se toewyding en menige opofferings. "Ons geniet dit terdeë; en Saterdae sou doelloos wees sonder om van agt tot elf die N-Tvl tenniskli niek by te woon," het albei entoesiasies geantwoord.**

Dit was vir beide 'n groot eer om in die Noord-Transvaalse span van sewe ingesluit te word (gekies uit 15 deelnemers van N-Tvl). Daar was ook twee deelnemers elk van Menlopark, Waterkloof en een van Girls High. Minette was tweede en Raleen vyfde op die ranglys. Tydens die Julievakansie het dié gedugte span met oop en ywer na Germiston vertrek om aan die landswye toernooi van SA deel te neem. Na heerlike nagruste in die koshuis van Jeppe Boys High, het hulle elke dag senutergende enkel- en dubbelspelle gespeel. Ongelukkig het N-Tvl die onderspit gedelf, maar hulle het die spangeesrekord met gevleuelde vaandels oortref en die beker as "Die Span met die Gees" ontvang. (Oos-Transvaal het met die louere weggestap).


Daar was ook die interprovinsiale span wat gekies is en Affies kan met trots spog dat Minette een van die drie is. Minette, Raleen, Mari van Wyk en Helanie van Deventer, het aan die landswye Hyperama-toernooi deelgeneem waar hulle Girls Hig met vier spelle teenoor nul kafgedraf het! Daar lê nog vele kampioenskappe voor, maar daar heers groot entoesiasme onder dié uitmuntende tennisspeelsters en met dié samewerking en ywer van 2 ure se harde oefening elke dag, kan dit nie anders as om die jaar suksesvol af te sluit, soos ware en getroue Affies nie!

**Zelda Pretorius**

# Affies se eie Springbokke



*Johan Ribbens*
*Fietsry*



*Freek Raubenheimer*
*Korfbal*

Typographically prepared by Wentzel Coetzer Printers, Tel 3232787 and printed by **The Pretoria News** (Pty) Ltd, 216 Vermeulen Street, Pretoria. Tel 3255382